

PLUS CACHET APTEEK

U Plus Aptek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
 Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die **WAPAD** IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXXII NOMMER 3

PUKKE!
 Vir u kleurbaadjies en sportbenodighede:

Johan Claassen Broers

KARNAVAL IS HIER!!



VRYPDAG 11 MAART

1. Mooirivierspele
 07h00: Beoordeling van die stalletjies op Fanie du Toit Sportterrein
 (a) Sewemanrugby
 (b) Damessokker
 (c) Toutrek

2. Mooirivier Supersport Manskompetiese
 Items (a) 100m swem
 (b) 100m naelloop
 (c) driesprong uit stand
 (d) skotse paalgooi
 (e) 3 min wissellope of 150m

Die volgende groot manne sal gesien word
 (a) Hugh Biocchi (gholf)
 (b) Aalwyn Gerber (gimnastiek); Willem v.d. Riet (kano)

(c) Dawie Malan (atletiek); Gerald Bosch (rugby)
 Hier is 'n geleentheid vir die Pukke om te poog om 'n sportman te lewer wat die groot name kan oorwin.

3. Mooiriviersport
 (2 deelnemers per koshuis)
 (a) Touklim oor Mooirivier plus minus 50 meter
 (b) Binnebandvaar (voorsien een binneband)
 (i) Dames
 (ii) Mans
 Kan meer as 2 deelnemers wees)
 (c) Kussinggeveg oor Mooirivier oppyp
 (i) Dames
 (ii) Mans
 (d) Vier wissellope oor Mooirivier (gelyk vir tyd)

(e) Individueel: Hollandse paalspring oor die Mooirivier.
Middag
 15h00: Kaap na Rio (Potchdam)
 19h00: Schooter wedren vir dames
 Vlotbou by onderskeie koshuise

SATERDAG 12 MAART

07h00
 1. Vlotte op kampus
 (a) Beoordeling deur burgemeesters v. dorpe v.d. fietstoer
 (b) Vertoning van die studente (Seniors en eerstejaars) by elke vlot (die hoeveelheid,

vermanning ens.) word beoordeel vir 'n punt uit 50.

08h00
 2. Optog deur Potchefstroomdorp. Alle studente moet deelneem aan die optog (musiekmaak, sing kollekteer ens). Elke koshuis ontvang 'n aantal blikkies vir kollekteesdoeleindes. Pukkies lei die optog.

09h30
 3. Optog na Klerksdorp. Studente gaan per bus.
11h00
 4. Vlotte van Vaaldriehoekse Universiteit gelei deur die Pukkies en bygestaan deur popkoppe beweeg deur die dorp.

Middag:
14h00
 5. (a) Trapkarwedren (deelnemers van ander universiteite neem deel - hoë standaard word verwag)
 (b) Stalletjies
 (c) Koshuiskompetisie - mans

Aand:
 Massabraai op Fanie du Toit sportterrein asook prysoorhandigings. Kaartjies: 50c vir koshuisstudente. R2.00 vir dorpsstudente. Beskikbaar by SSR-kantoor asook Huiskomiteede. Die hele Puk-massa moet hierdie funksie bywoon. Ook alle oud Pukke is welkom!

Punteverdeling vir die verskillende kompetisies

1. Massafietsry (hoogste gem. aantal deelnemers per koshuis) - 100 punte
 2. Sêr-kompetisie - 100 punte
 3. Stalletjies - 100 punte
 4. Sewemanrugby - 100 punte
 Damessokker - 100 punte
 5. Mooiriviersport - 100 punte (5 x 20)
 6. Kaap-na-Rio - 100 punte
 7. Scooterwedren vir dames - 100 punte
 8. (a) Vlotte - 100 punte
 (b) Algemene indruk geskep deur studente van elke koshuis voor die vlot 50 punte
 (c) Hoeveelheid geld ingesamel met blikkies - 50 punte

VROUWEES IS 'N KUNS

HOE dikwels hoor ons nie dat 'n dame wens sy was liewer 'n man nie. „Die mans het hemel op aarde”, 'n Vrou kry nou wel 'n kleiner salaris as 'n man; sy kan nie 'n man uitneem, op 'n preekstoel klim of altyd sê wat sy wil nie. Maar is daar nie ander dinge wat dit lekker maak om 'n vrou te wees nie? Neem maar die emosionele lewe van die vrou. In Opperman se Joernaal van Jarik is die teenstelling man-vrou skitterend verwoord in die twee se afgetrokke oorpeinsinge van die liefde.

„Mans love is of man's life a thing apart, it's woman's whole existence.” William Blake het die vrou „die begenadigde geslag” genoem. Elizabeth Eybers skilder die vrou so:

„Want alles aard en alledaags en klein het sy met daardie liefde aangeraak wat die onskone dinge helder maak? en so verheerlik sy die brood en wyn tot hul opnuut genadetekens word. Liggaam en Bloed gebreek en uitgestort.

Omdat jy 'n vrou is, stel dit jou in staat om dieptes van emosionele ervarings te

beleef wat nooit deur die man beleef kan word nie. Een van die mooiste deugde wat die Skepper die vrou gegee het, is om „sag” te wees. Het ons as PUK-dames, tussen die klasdraf, wedywering, jaloerie en vol programme, nie al vergeet wat dit is om sag te wees nie? Jy moet sag wees in al jou aktiwiteite en daarmee bedoel ek nie sag soos 'n jellievis nie. Jy moet in alles wat jy doen jou vroulikheid behou. Daarom kan jy nog op rade dien, die koshuis of universiteit verteenwoordig op sportgebied, die take van

'n primaria behartig sonder om „hard” te wees. God het die vrou sag gemaak en dit is 'n gawe. In hierdie gejaagde lewe van vandag ook op die PUK-kampus is dit 'n kuns om sag te wees. Om sag te wees beteken dan nie om van

jou beginsels te vergeet nie, maar daar moet juis om beginsels geveg word. Wees 'n vrou. Wees sag. Sag in jou optrede – in die koshuis, op die sportvelde, op die kampus!

THE SOUTH AFRICANS

Sven Persson, 'n Sweedse regisseur het onlangs 'n rolprent in Suid-Afrika vrygestel. Met hierdie rolprent, „The South-Africans”, was sy idee om die rasseprobleem in Suid-Afrika objektief uit te beeld.

In 'n onderhoud met die Wapad, is hy gevra hoekom hy juis hierdie tema gekies het vir 'n film. Sy motivering was dat daar nog nooit so 'n film in Suid-Afrika oor Suid-Afrika gemaak is nie.

Met die film het hy gepoog om die probleme tussen die verskillende rasse-groepe van twee kante te benader. Daarom het hy telkens twee verskillende persone se menings weergegee deur middel van onderhoude wat hyself gevoer het.

Mnr. Persson het gesê hy is jammer dat hy nie meer inligting en samewerking van die owerhede gekry het nie. Dan sou die film miskien meer geslaagd gewees het. Die owerhede was klaarblyklik bietjie agterdogtig oor die opset van die film. Ongeveer 'n jaar gelede was die film verban, maar na veranderinge het die sensorraad dit goedgekeur.

Na die vertoning in die Totius-saal het die studente geleentheid gekry om die regisseur vrae te stel en kritiek te lewer. 'n Vraag wat 'n opsienbare reaksie uitgelok het was of die blanke Suid-Afrikaner werklik so onbetrokke is soos wat die film wil voorgee.

HET JY AL...

Sommer so simpel gevoel gekry... sulke simpel gevoele wat mens op reëndae kry as jy na jou ma verlang?

Jy wel lus om sommer met jou kop op jou arms te lê... die radio lekker hard aan en 'n koppie koffie hier langs jou. Dan sit jy sommer so en kyk vir die meisies daar buite op die gras met hulle venster-tjiesambrele en die reëndruppels maak sulke lang strepe teen jou venster... en later al hoe meer.

Het jy al lus gevoel om sommer in 'n boom te sit en dink of om kaalvoet in die reënstroompies langs die pad te loop. Of sommer op om die koshuismuurtjie te sit en vir al die mense te kyk. 'n Mens kry gewoonlik sulke gevoele as jy met 'n klomp fisika of Dierkundeboeke voor jou sit en jy skryf môre toets...

PLESIER OP DIE KAMPUS

„Plesier is nes 'n jong komkommer – pluk jy hom af, dan verlep hy sommer!” Of hoe sê die ou spreekwoord nou weer?

Dis beslis nie die geval met die departement Spraakleer en Drama se „Afrikaners is plesierig” (André P. Brink) se plesierigheid nie.

Genoemde plesierigheid duur drie dae lank tydens karnaval en is vol guitige pittighede, of is dit nou plesierige guitighede? Hoe ook al, dis die aanbieding vir alle Pukke en alle nie-Pukke, almal wat glo hulle is „ware Afrikaners” en almal wat vir „ware Afrikaners” kan lag.

As jy dus kan lag soos ek kan lag, dan gaan ons almal lekker lag vir Bet Botha se

produksie van „Afrikaners is plesierig” – op die Fanie du Toit-sportterrein om 18h00 en 21h00 elke aand op 10, 11 en 12 Maart.

Hier is nou 'n gulde eerste (enigste) geleentheid om uit te vind hoe maak Afrikaners as hulle „so!” maak. Die liedjie is mos maar redelik vaag. Dit sê maar net: „Afrikaners is plesierig... hulle hou van partytjies en dan maak hulle so!”

Besprekings het reeds by Pro Rege en die SR-kantoor op die kampus geopen. – Henk.

ASTER VRA „SEBLIEF”

Waarom groet die Pukke mekaar nie? Wat het van ons vriendelikheid geword? Het dit saam met die Februarie-reën in die Mooirivier afgespoel?

Dit is onvergeeflik! En dit nadat daar al soveel keer daarvoor gepraat is en dié onderwerp holrug oor geskryf is. Waar lê die wortel van die kwaad dan?

Die dames groet nie eerste nie, te bang die mans sal nie teruggroet nie of te bang hulle dink sy gooi haar flikkers. Die mans groet nie eerste nie, want dit is mos etiket dat 'n dame eerste groet. En so duur die haglike toestand voort.

Dames, ek doen 'n beroep op julle. Kom ons maak van

ons kampus 'n vriendelike kampus. Vergeet wat jou ma jou geleer het – jy mag die Pukmans groet en ook jou mede Pukdames. In die koshuis, op die kampus, in die duikweg, in die dorp, enige plek waar 'n Puk moontlik kan wees. Vriendelikheid kos niks.

„A smile is a curve that can set a lot of things straight”.

Wees jouself, wees vriendelik, klim van jou troontjie af en wees 'n Pukdame!

Het jy ontspanning nodig?

ROLSKAATS

POTCH SKAATS BAAN,
POTCH DAM

RYE:
ELKE MIDDAG 2-39 - 5-30
AANDE 7-00 - 10-00

SKAATSLESSE:
WOENSDAE & SATERDAE
5-00 nm - 7-00 nm

NAVRAE BY KANTOOR

WONDER BO WONDER

SOMS wonder 'n mens tog wie die mense is wat sekere briljante uitvindings gemaak het. Nou bedoel ek nie die wonder wat die geleerdes betowerig verkondig as „so uitstekend vir die algemene werking van die brein” nie. Dit sou die reklame mense tog net weer laat dink aan so iets soos:

„WORD GESONDER, BEGIN TE WONDER”.

Nee. Sommer die wonder wat jy wonder as jy op 'n snikhete dag begin te wonder wie die verkrampde, verkleumde, verditste kêrel was wat dasse in 'n oomblik van algehele verveeldheid sit en uitwonder het.

So op my eentjie sit ek toe nou die dag en wonder oor die uitvinder van wollebal. Direk het die man (dit kan net 'n man wees) my op die aarde niks gemaak nie, maar daar is altyd die indirekte kant van 'n saak...

In 'n oomblik van ekonomiese oplewing (en moontlik onnadenkenheid), koop die koshuis toe al die benodigdhede om van die inwoners van Kulu 'n wollebal spelende monster volkie te maak. Ongelukkig het 'n ander siel ruite wat breek uitgevind. Die twee was óf kwaai vriende óf hulle het in verskillende tye geleef, óf miskien het die argitek van die koshuis 'n ewige aksie teen die spel gehad. Wat die geval ookal mag wees; na die eerste spel of so was dit sulke tyd: fluit-fluit die ruit was uit. Vir die matrone en die tegniese departement het die skuldige 'n vroeë dood gesterf. Die ruit is toe maar sonder die nodige vergoeding, herstel.

Ongelukkig kan die spel wollebal erg vervelig raak. Veral as 'n mens 'n kroniese probleem het om die bal te sien en hom net so nou en dan in die donker voel. Dit is toe dat ons begin wonder oor 'n wollebal waar die bal vir 'n verandering met die voet aangehelp word. Die net is

uit die pad gehaal en ons het 'n tipe wolle-sokker gespeel.

Die enigste doel wat ek die hele aand aanteken is toe hoog en suiwer deur die ruit (die een net neffens die herstellende een). Ons matrone is baie geïnteresseerd in die bloedjies in haar sorg, met die gevolg dat sy my so te sê op heter skop betrap het.

Almal het so mildelik

bygedra (veral na ek 'n paar maal gesê het dat die een wat nie bygedra het nie, nie 'n sent van my moet verwag as hulle die dag nie so goed voel oor 'n sekere doel nie)

DANKIE OUENS!

Nou begin ek net wonder... Nee. Liefs nie. Miskien as ek eendag weer verveeld is?



So help ons mekaar – Foto Fotokuns

DIT WAS 'N SUKSESVOLLE VAART!

DIE kamertoneel van die P.U. vir C.H.O. het vanaf 24 Februarie tot 5 Maart, Karl Wittlinger se *Paradysboot*, soos vryvertaal deur Wilma Stockenström, opgevoer. Liesbet Schoeman was die regisseuse met Roeloff vd Bergh en Isobet Kok as spelers.

Oliver, 'n poswerker, red Corinne, 'n miljoenersdogter, as sy uit vervalg wil selfmoord pleeg op die kaai. Onder die dekmantel van beskerming en avontuurlus neem hy haar saam op 'n reis na die Ooste - die gehoor en

Oliver besef deurentyd dat die skip in werklikheid 'n posboot is tussen Ramsgate en Ostendale. Vir 'n maand reis sy deur 'n wêreld van illusie geskep deur Oliver en ingekleur deur haarself. Hulle speel telegram-telegram, ontdek groen makele, kamma-lielieland, orgidië en kameelmis totdat sy ontdek dat Ostende Djiboeti is, werklikheid illusie, Djiboeti Ostende en illusie werklikheid. Hierdie ontdekkingsreis word enduit gespeel en het in die woorde van Corinne „'n eienaardige einde”.

Isobet Kok en Roeloff van den Bergh lewer uitstekende spel - want hoe word 'n mens oortuigend dronk en hoe sterf 'n mens figuurlik op die verhoog? Die huislike toneeltjie waar 'n verslonste ma haar skreeuende poppe as kinders moet stilkry, as pa moeg van die werk af kom, het die gehoor laat skaterlga, net om hulle die volgende oomblik met patos en beklemming tot stilswye te dwing. In ag genome dat ons Kleintheater 'n klein verhoogruimte bied kan die tegniese probleme wat ondervind is begryp word. Aan die anderkant het die beperkte dekor bygedra tot die vagekeerdheid en intieme atmosfeer van die skeepsruim en die stuk.

Dit is 'n jammerte dat dele van die teks uitgelaat is (terwille van die Puk

gehoor?) die betekenis van die stuk verander. Tog het die regisseuse gesorg vir 'n aand van komiese ontvlugting van die werklikheid en 'n waardering vir die illusie.



Toneeltjie uit *Paradysboot* Foto: Fotokuns

VERSIERING WAT „ANDERS” IS

HIER is 'n vinnige, maklike en ekonomiese idee vir 'n oulike versiering wat „anders” is. Gebruik dit om jou koshuiskamer op te flikker.

Neem 'n gewone stuk hout en saag dit rond, ovaal of enige ander vorm.

Plak daardie tydskrifprent wat nog altyd vir jou mooi was daarop vas met Glemkोग. Jy kan selfs 'n mooi gedig daarop plak.

Wag totdat dit goed droog is, en vernis die hele bord.

Plak 'n hakkie agterop vas, en daar het jy dit, 'n tuisgemaakte artikel wat glad nie tuisgemaak lyk nie.

KOM LAG VIR JOUSELF!

In hierdie tye van strenge selfkritiek, kry alle „Ware Afrikaners” van 10 - 12 Maart die geleentheid om heerlik te ontspan: André P. Brink se komedie „Afrikaners is plesierig” word vir Karnaval deur die Departement Spraakleer en Drama in 'n massiewe sirkusent op die Fanie du Toit Sportterrein opgevoer.

As satirikus en komedieskrywer dryf Brink die spot met alle groepe in S.A.: Portugese, Franse, Kleurlinge, Swartes, Engelse en les bes alle „types” Afrikaners loop deur. Dit is dan veral die uiterstes (baie verlig tot baie verkrampt, as u wil) waaroor dit gaan.

Die stuk handel hoofsaaklik oor 'n afgevaardigde van die V.V.O. („Versamelde Verneukers en Opstekers”) wat 'n „ware Afrikaner” soek en hoe hierdie spesie met die hulp van die „grondleggers” van die volk geproduseer word. Die „Ware Jakob” word dan aan sy geskiedenis voorgestel en siedaar: 'n Groot plesierigheid!

Alhoewel Brink soos gewoonlik baie „aspris” is, kan elke Puk met vrymoedigheid vir homself (en ander) kom lag en is 'n „waardere” en tuitser Afrikaner anderkant uitkom! (Kaartjies is by die SSR-kantoor verkrygbaar)

SJÖRDÉ BEGIN OP HOË NOOT

Die gewilde sjördé-reeks van die Departement Spraakleer en Drama het die week begin en wel met 'n stuk genaamd: „Het jy al gehoor...” o.l.v. Paul Schutte. 'n Vertolkingsprogram deur Spraak en Vertolkingskunde studente wat goeie vermaak vir die etensuur bied. Dit neig partymaal om 'n effens morbied te raak aangesien dit om die kind se dilemma in 'n grootmenswêreld gaan. Die grootmens van vandag besef tydens die stuk dat hy/sy dieselfde probleme gehad het op dieselfde ouderdom as wat nou voor hom afspeel.

'n Komiese etensuur sal ek dit beslis nie noem nie maar 'n genotvolle -en wel. Net jammer dat inflasie ook al weer knyp en dat die eetgoedjie nie meer soos in die verlede by die 50c toegangsgeld ingesluit is nie. Om die nou te bekom is 'n addisionele 20c nodig - maar 'n mens verstaan mos dat Kostas styg gedurig - Nietemin, dis steeds goeie waarde vir geld!

SKEMERVONKEL SPRANKEL

Somervonkel in die P.U. Kamertoneel met Paul Schutte en Aldo Behrens.

Ronde tafeltjies, geblomde tafeldoek, kerse, 'n glasie sjerrie, soutighede en 'n doopsous... 'n nuwe kafee op die Bult?

Nee, die intieme atmosfeer vorm die agtergrond van die dramadepartement se nuwe sleeptyd-aanbieding, Skemervonkel.

Vanaf 21 - 24 Februarie is die eerste Skemervonkel in die foyer van die P.U. Kamertoneel aangebied en dit was so gewild dat die speelvak verleng is. Die program het bestaan uit 'n verskeidenheid Duitse lied-

jies wat in stemming gewissel het van hartlike saamsing en handeklap tot weemoed en twee sketse.

Die aanbieders Paul Schutte en Aldo Behrens is bygestaan deur 'n orkes en koor wat deur hulle goeie samespel en simpatieke begeleiding 'n mooi eenheid en agtergrond gevorm het. Die hoogtepunte wat die sang aanbetref het, was ongetwyfeld Schwarz-

wäldertal en Mein besster Freund gesing deur Paul Schutte. Albei deelnemers verstaan die kuns om die gehoor te betrek en te laat reageer sonder om, opdringerig te wees. Die sketse, die Weglehen en Van 'n Molshopie 'n Berg was beide geslaagd, maar tog het dit nie ingeskuul by die liedjies nie en daarom was dit 'n ietwat geforseerd.

In sy geheel gesien was die

program egter baie geslaagd en almal wat Somervonkel misgeloop het, kan gerus die datums van die volgende Vonkels aanteken.

Herfsvonkel (10 - 16 Junie)

Wintervonkel (15 - 19 Augustus)

Lentevonkel (19 - 23 September)

Almal is baie welkom en wat om aan te trek is nie 'n probleem nie - kom soos jy wil!

'N LIET VIR (PUK-) MYSIES

Mysies pas vir vryers op Steek jul nek nie in die strop Pasop of julle word gevop Alles wel jy vir jou doen Nooit genoeg kan jy jou soen Skaars is julle 'n maand getroud Of die liefde is glat koud Aldag ry hy van die juis Laat jou stok alleen huis Jy moet huis en potte skuur Nooit is daar geld om 'n myd te huur Vra jy wat: leeg is sy sak Maar hy het geld vir drank en twak Skaars een tawwerd in die jaar Kry jy skoene net een paar Dan sal jy denken aan jou Ma Waar jy alles net kon vra Al moes jy daarvoor werk Toe was jy nog fris en sterk Daarom mysies hoor na my Luister nie na die gevly Is die strop eers om jou nek Kom jy nie los of jy moet... „Ouma” - Aster

Nog 'n gespesialiseerde diens van die Standard: STUDENTPLAN. DIE ALOMVATTENDE FINANSIËLE PLAN VIR STUDENTE.



Nou kry u meer van ons as ooit tevore.

Studentelening. U kan tot R1 500 per jaar of meer kry, afhange van u behoeftes, vir die duur van u studies. En u betaal net 5.5% rente op daardie lening. Dis net 'n student wat teen sulke lae rente kan leen!

Tjekrekenings vir studente. Teen die laagste maontlike koste kan u self 'n tjekboek hê vir die grootste koopgerief ter wêreld.

Studenteversekering. Ons kan reël om u teen enigiets onder die son te verseker.

Studentespaarrekenings. U kan 'n studentespaarrekening met so min as 50 sent open en rente op u geld verdien.

Die dag wanneer u by die naaste Standard Bank-tak instap met bewyse dat u by 'n universiteit (of enige erkende inrigting vir hoër onderwys) ingeskryf is, kwalifiseer u dadelik vir 'n hele reeks dienste teen rentekoerse en voorwaardes wat nie-studente se monde laat water.

Die Standard se Studentplan voorsien in al u behoeftes as student. Stap in by enigeen van ons takke en kry 'n brosjure. Of gesels met een van ons Studentesakebestuurders wat die hele plan aan u sal verduidelik. Dit maak nie saak of u net sommige of al die dienste wil hê nie, u sal met 'n gevoel van groot verligting daar uitstap.

U is goed toegerus - by die Standard.

Standard Bank
Op die Standard kan u staatmaak.
Want die Standard maak staat op u.





WISKUNDE-GEBOU
FOTO - FOTOKUNS.

PUK MEER MODERN

Verlede jaar was al die geboue wat tans in wording is net fondamente en niksseggende staalkonstruksies. Vandag kan mens sien dat sommige voltooiing nader. Een gebou wat reeds voltooi is, is die fisika- chemie- en wiskundekompleks.

Die ou geboue moes verander word om in te skakel by die nuwe kompleks. In 'n onderhoud met mnr. Nardus Conradie, argitek van die kompleks, het hy gesê die samesprekings met die owerhede het ongeveer 1970 begin.

Die ontwerp van die kompleks is absoluut moduler en iets heel besonder. Die Kompleks kan soos 'n seekat voorgestel word met 'n gebou in die middel en die ander geboue daar om.

Die sitplekke waarvan

daar 1231 is, is van so aard dat studente wat die lokaal verlaat met gemak verby die sittende studente kan beweeg. Dit is die eerste keer dat dié tipe sitplekke in Suid-Afrika gebruik word.

Nog interessant is dat die mure in die nuwe gebou nie gewigdraend is nie. Met ander woorde die mure kan verwyder word sonder dat die dak inmekaar sak. Daar

is gebruik gemaak van vooraf gespanne betonblaie wat op die buitemure rus.

Die blaie is in Johannesburg vervaardig en na Potchefstroom gebring. Dit was goedkoper as wat dit sou gewees het as die blaie plaaslik vervaardig is.

Wanneer al die geboue op die Puk voltooi is, sal ons kampus werklik iets besonder wees.

KOSHUISRAAD

In 'n onderhoud met Die Wapad het ons mnr. Niek Potgieter, voorsitter van die Koshuisraad, gevra wat is die doel van die Koshuisraad.

Hy het gesê dat die Koshuisraad daar is om inter-koshuisaksies te koördineer, inwonings- en dissiplinêre probleme van die koshuis-inwoners te behartig en om as amptelike skakel te dien

tussen die koshuise, die Koshuisbeheerraad, Koshuisadministrasie en die Teg-niese Departement.

Hy het die saak duidelik gestel dat die Koshuisraad niks te doen het met die interne aangeleenthede van 'n koshuis nie. Wat dissiplinêre maatreëls betref het mnr. Potgieter gesê dat die Koshuisraad slegs 'n algemene riglyn daargestel het en dat die verskillende koshuise hierdie riglyn slegs as basis vir hul eie tugkodes moes gebruik. Elke koshuis se tugkode moet egter duidelik aan elke inwoner gestel word en moet ten alle tye duidelik sigbaar wees vir die inwoners.

Mnr. Potgieter het ook gesê dat die Koshuisraad definitief tugmaatreëls teen huiskomiteede sal instel wie hul pligte versuim.

Omdat die Koshuisraad maar 'n onlangse instelling is en hierdie jaar eers werklik vlot begin werk het, beoog die raad om 'n kommissie aan te stel wat die raad se terrein gaan bepaal.

Op die vraag of die Koshuisraad enige invloed kan uitoefen op die koshuiskaste wat die koshuise vra, het mnr. Potgieter dit duidelik gestel dat die Koshuisraad geensins inmeng met die interne sake van 'n koshuis nie en dat koshuiskaste 'n interne koshuis aangeleentheid is.

Indien 'n inwoner klagtes het oor sy koshuis word hierdie saak opgeneem met die primaria of primarius in samewerking met die huisvader en dan word die probleem verder verwys na die Koshuisadministrasie, het mnr. Potgieter gesê.

Die primaria of primarius van elke koshuis verteenwoordig hul koshuis op die Koshuisraad.



Mnr. Theo Cloete, Voorsitter van die Akademieseraad.

Akademieseraad

Die Wapad het die volgende vrae aan mnr. Theo Cloete, voorsitter van die Akademieseraad, gestel.

Vraag: Is die Akademieseraad met sy onderskeie verenigings op die oomblik werklik akademies ingestel of is die verenigings sosiaal ingestel?

Antwoord: Ongelukkig is dit so dat nie al die verenigings werklik akademies ingestel is nie, maar dit sou verkeerd wees as ons sê dat nie al die verenigings is nie akademies ingestel nie. Dit sou meer korrek wees as ons sê dat die meeste van die verenigings wel akademies ingestel is. Die groot doelwit van die Akademieseraad is om in sy geheel 'n Akademieseraad te wees en nie 'n sosiale raad nie.

Vraag: Hoe het hierdie sosiale tendens in die Akademieseraad ontstaan?

Antwoord: 'n Spesifieke vereniging word gestig sonder samewerking van die departement en sodoende word die vereniging los van die departement.

Die gevolg is dan dat die vereniging verder en verder van sy akademiese taak af weg beweeg.

Vraag: Hoe gaan u Raad probeer om hierdie probleem op te los?

Antwoord: Die Raad in volle sitting sal poog om 'n formule te vind waarby die vereniging en sy departement baat kan vind. Dit is egter verstaanbaar dat dit nie 'n saak is wat ons in 'n oogwink kan oplos nie, maar dit is eerder 'n tydsame proses. Ons is ook seker dat hierdie probleem opgelos kan word met die same-werking van die onderskeie departemente.

Vraag: Verlede jaar het u Raad 'n kommissie aangestel wat ondersoek gedoen het na driuysfers.

Antwoord: Ja ons het. Daar is gevind dat die studente 'n meerderheid aandeel in hierdie saak het en die dosente slegs 'n minimum aandeel.

Vraag: Dink u dat die vakverenigings kan 'n rol speel by die driuysprobleem?

Antwoord: Ja definitief. Met samewerking van hul departemente kan die vereniging probleme na die dosente verwys en sodoende

HERAFFILIASIE VAN STELLENBOSCH BY DIE A.S.B.

In 1968 het Stellenbosch disaffilieer by die ASB. Vanuit die Suide het daar weer stemme t.g.v. affiliasie opgegaan. Op die oomblik is die ASVS by die ASB geaffilieer. Daar bestaan op die oomblik meningsverskil op die Studenteraad van Stellenbosch oor die kwessie van heraffiliasie.

Die voorsitter van die ASVS Mnr. Hannes Koegelenberg het op die afgelope ASB-Hoofbestuursvergadering om die mening van die Hoofbestuur in hierdie verband gevra. Die Hoofbestuur het hom soos volg uitgespreek:

1. Stellenbosch moet dit vir hulself uitmaak of daar 'n band tussen hul en die ASB bestaan. Heraffiliasie sal nie onvoorwaardelik geskied nie. Wat die primêre belang is, is die Christelik-Nasionale grondslag van die ASB.

2. Heraffiliasie kan vir Stellenbosch definitiewe voordele inhou o.a. nouer

skakeling met die ASB geaffilieerde kampusse en deelname aan projekte. Die vraag het ontstaan, het Stellenbosch 'n bydrae te lewer binne die ASB. Deur hom aan die kant van die ASB te skaar, kan die stem van die ASB versterk word. Dit sal beteken dat die ASB hom namens die meeste Afrikaanse Studente in die R.S.A. sal kan uitspreek.

Stellenbosch is egter vandag nog in dieselfde dilemma waarin hul in 1968 was nl. dat daar 'n studente unie bestaan wat alle besluite van die Studenteraad kan veto. Indien die Studenteraad besluit om te heraffilieer, is die vraag wat gaan die houding van die studente-unie wees.

A.S.B. PRESIDENT

Michiel Strauss, huidige president van die ASB studeer tans aan die Universiteit van Pretoria.

Hy het sy B.A. graad op Kowsies behaal en swot tans B.D. 1 (Afd. B.)

Hy was vir die termyn 1975 en 1976 S.R. voorsitter van Kowsies.

SENAAT BESLUIT

Op 'n buitengewone vergadering gehou op 25 Februarie 1977 het die Senaat van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. die volgende besluit geneem wat na afloop van die vergadering aan die pers vrygestel is:

1. Dit gaan die Senaat diep ter harte dat die goeie naam van ons Universiteit in die afgelope tyd in gedrang gekom het.



Nuwe SSR-lid Portefeulje Riaan van der Walt
Foto: Fotokuns

NUWE S.S.R. AANSTELLING

Mnr. J.C. Kraamwinkel het 'n brief aan die SSR voorgelê waarin hy sy bedanking indien die rede vir sy bedanking is dat hy sy akademiese jaar gesak het.

Die Grondwet van die SSR bepaal dat as 'n SSR-lid nie sy jaar slaag nie, hy moet bedank. Die bedanking van mnr. Kraamwinkel is aanvaar met 'n meerderheid.

Mnr. Riaan v.d. Walt is aangewys in die plek van mnr. Kraamwinkel en hy dien dus nou op die SSR.

Hy sal dus ook die portefeulje van vervoer behartig.

2. Die Senaat glo onwrikbaar dat hierdie inrigting wat bely dat dit die wetenskap „In U Lig” wil beoefen in hierdie tyd 'n onmisbare plek en 'n Godegewe taak in ons vaderland en in die wêreld het.

3. Die Senaat spreek dit as sy oortuiging uit dat 'n Christelike gees van waaragtige verootmoediging en vergewensgesindheid in ons midde ons nou meer as ooit tevore betaam. Ons vertrou dat 'n gemeenskaplike loyaliteit en diensvaardigheid ons geliefde Universiteit steeds sal laat bloei tot eer van God en maak dit 'n saak van ernstige gebed.

4. Die Senaat doen 'n dringende beroep op almal wat aan die Universiteit verbonde is om hulle van enige optrede te weerhou wat die belange van die universiteit kan skaad, wat die christelike karakter van die universiteit in gedrang bring en wat die volvoering van sy roeping kan belemmer.

5. Die Senaat bevestig dat almal verbonde aan die universiteit wat griewe of klagtes mag hê dit in die gees van Matteus 18 langs voorgeskrewe kanale aanhangig moet maak en waar sodanige griewe en klagtes op die regering en administrasie van die Universiteit betrekking het dit dus aan die Raad van die Universiteit vir die nodige aandag voorgelê moet word.

ONS HET ALLES WAARNA U SOEK IN DIE LYN VAN SPORTBENODIGHEDE; BESOEK ONS GERUS

STUDENTE SPORT

Kerkstraat
Potchefstroom



Lucas Mangope en Dr. C.J. Maritz tydens 'n samespreking
Foto: Jaco Pretorius

KAPTEIN MANGOPE BESOEK PUK

„Omdat die Afrikaner die enigste wit volk in Afrika is, kry niemand swaarder om sy plek in Afrika te vind nie”. So het Kapt. L.M. Mangope, hoofminister van Bophuthatswana, tydens 'n spesiale seminaar gereël deur die Instituut vir Afrikanistiek aan die P.U. vir C.H.O. gesê. Hy was die gasspreker by geleentheid van die uitdienstreding van Prof. J.H. Coetzee en die diensaanvaarding van Dr. C.J. Maritz as Direkteur van die Instituut vir Afrikanistiek en Bantoëstiek.

Kapt. Mangope het begin deur Prof Coetzee te huldig vir al sy werk wat hy op alle lewensterreine, maar veral in diens van Bophuthatswana gedoen het.

Die feit dat daar manne

soos Prof Coetzee is, is die rede waarom die swartman nog nie in tye van bitterheid en wanhoop finaal teen die Afrikaner gekeer het nie. Volgens Kapt Mangope kan daar in die toekoms 'n pad gevind word waarop daar plek vir die swartman en die blanke sal wees.

Kapt Mangope het verder gewys op die groot gevaar dat hierdie hoop op die toekoms deur sommige Afrikaners verydel en in wantroue en wanhoop omskep word. Hy sê ook dat daar te min mense is wat bereid is om hulle gewildheid by hulle eie mense op te offer om hul vir 'n beter toekoms te beywer.

Indien die Afrikaner nie gou sy plek in Afrika vind nie, sal die gevolge vir die blanke noodlottig wees. Indien hy egter hierdie uitdaging die hoof kan bied, kry hy iets reg wat min volke in die geskiedenis al geslaag het. Kapt Mangope het gevra of die Afrikaner die erns van die uitdaging begryp en of hy die vasbeslotenheid het om reg te kan optree. Volgens hom is die kernvraag egter of die Afrikaner geloof in 'n uitkoms het, want sonder geloof is moed nie 'n bate nie, maar waansin wat 'n volk die afgrond in lei.

Kapt Mangope het bygevoeg dat as 'n volk die beses in sy geledere aftakel omdat hulle die moed het om gevare uit te wys wat deur sy politici betwis word, is die volk besig om sy eie toekoms af te takel.

Teen die einde van sy toespraak het die hoof-

minister gesê dat Potchefstroom vir baie swartes die simbool van hoop is. Hier is Afrikaners wat hulle sonder vrees aan 'n ingrypende self-ondersoek wyl en glo dat daar hoop is en dat daar 'n versoening op die grondslag van die Christelike geloof in ons land bewerkstellig kan word.

POLITIEKE RAAD

Politiese Raad beplan hierdie termyn groot dinge, en u as PUK-massa het reeds 'n voorsmakie daarvan gehad, naamlik in die film en bespreking wat gesamentlik deur Cine-Puk en Politiese Raad georganiseer is - THE SOUTH AFRICANS. Die aksie was ons insiens, baie geslaagd, en veral weens die besondere aard van die aanbidding.

Ons beplan dan ook om hierdie termyn se Politieke Raadsaksies met 'n ander klem as in die verlede aan te bied, naamlik meer dinamies en met groter studentedeelname, daarom pak ons hierdie jaar die studenteparlement aan.

Die Studenteparlement maak deel uit van 'n struktuursverandering wat ten opsigte van Politiese Raad op 3 Maart 1977 grondwetlik deurgevoer sal word. Die eerste sitting behoort dus net na Karnaval gehou te word. Meer sal u later in detail hoor, bly dus

maar nuuskierig tot dan, maar dit belooft om iets groots te wees.

Ons beoog ook groter studentedeelname aan A.S.B.-kongresse, en uit hoofde hiervan, is 'n A.S.B.-studentekomitee geskep om voor A.S.B.-kongresse die massa van Politiese Raad se standpunt oor die onderwerp te bedien.

In 'n latere WAPAD meer oor Politiese Raad. Kom, werk saam met ons, sodat ons hele kampus meer kan weet en meer kan doen, nie t.o.v. landspolitiek nie, maar ook ons studentepolitiek.

INTERUNIVERSITÊR!

Die Perdeby, Tuks se studentekoerant, het bekend gemaak dat die jaarlikse rugbywedstryd tussen die Tukkies en die Maties wel vanjaar sal plaasvind.

Die kleredragregulasies is ook op Tuks gewysig. Deesdae kan mans met of sonder 'n das klasdra en

denims is toelaatbaar. Die dames word ook toegelaat om met langbroeke klas te draf.

Tuks het ook hul eie skaakklub gestig. Die klub belooft om aan al die behoeftes van 'n skaakspeler te voorsien.

Op Tuks draf die dosente ook weer bietjie klas. Die doel hiervan is om dosente te leer om beter te doseer. Dosente word nou deur 'n nagraadse eenjarige diploma in tersiêre onderwys die geleentheid gebied om hulle beter te bekwaam.

Op Maties heers daar op die oomblik groot debatte of die kampus weer moet herafilieer by die ASB.

Die Matie, studentekoerant van Maties skryf dat die algemene student sal gedurende die verloop van hierdie jaar nou betrek word

by hierdie strydpunt, hetsy herafiliasie met die ASB plaasvind of nie. Die toekoms van Stellenbosch se herafiliasie sal essensieel berus by die besluit van elke individuele student.

Die Matie waag hom deesdae op die veld van meningsopnames. Die doel hiermee is om die belangstelling van studente in sekere onderwerpe te stimuleer en te aktiveer en om die algemene gevoel oor so 'n onderwerp op 'n sekere stadium vas te stel.

Wits beleef op die oomblik ernstige studentepolitieke probleme.

Die Studenteraad het onderlinge meningsverskille en daar is sprake van 'n hervervikings. Daar is ook sprake van finansiële wanpraktieke.

BLIKASPAAI

'n Paar jaar gelede was dit Waterjaar. Verlede jaar begin die brandstofkrisis. En hierdie jaar is dit inflasie. Inflasie beteken moenie mors nie. Pukke, moet asseblief nie op julle kampus mors nie, dit is inflasie. Onthou, ons kampus is ons trots, maar wie kan trots wees op 'n kampus wat met papiere en leë koeldrankhouers besaai is. Kyk net om jou rond en voordat jy 'n papier wil neergooi, loop na die asblik. Dit is mos nie te veel gevra nie Pukke. Wees 'n ware Puk en werp jou rommel in die asblik neer!

COLAMUS, WAT IS DIT?

Die wat nie weet nie, moet baie gou uitvind want Colamus is hierdie jaar aan die brand en die wat nie weet wat Colamus is nie, gaan baie aksies misloop.

Colamus is die studente vereniging van die Kultuurkunde-departement. Gelukkig is dit nie waar Colamus se lede eindig nie, alle studente wat belang stel in die bestudering van een of ander kultuur is welkom om by ons aan te sluit.

Colamus wil ook sy bydrae lewer tot studente besinning; dit sal gedoen word in die

vorm van 'n Konferensie (wat in samewerking met die Wysgerige vereniging aangebied sal word) wat sal handel oor 'n aspek van Kultuurkontak en kultuur beïnvloeding tussen Blanke, Indiër en Kleurling Kultuur. Die Konferensie belooft om iets groots te wees. 'n Bekende kleurling geleerde van die Universiteit van Wes-

Kaap sal as hoofspreker optree, verder sal die meeste van die tyd aan eie bespreking afgestaan word.

Een Konferensie sal nie Colamus se Program vir die res van die jaar vol maak nie, daarom sal daar buiten interessante toneelstukke en rolprente wat besoek gaan word, ook baie ander dinge wees. 'n Museum sal besoek word, dit sal nie sommer 'n gewone besoek wees nie want as Colamus iets doen, geniet hy elke oomblik daarvan.

Die SAUK in Johannesburg sal ook onder ons oë deur loop. So, vir die PUKKE wat nie plek op die Bus gaan kry nie, hou julle TV stelle dop. Miskien kry ons dit reg om voor 'n kamera in te spring net om vir julle te wys ons was daar.

'n Baie interessante plate aand word in die vooruitsig gestel, ek hoef seker nie weer te sê dit gaan nie 'n gewone plate aand wees nie. Iemand wat iets meer weet van musiek gaan met 'n pak „slap chips” in sy hand en Bach in die agtergrond ons meer vertel van dié musiek. Moet net nie dink ons gaan net by Bach bly nie. Waarom het die Beatels dan musiek geskryf?

Dan nog een Saterdag af na Hillbrow om die nag lewe daar te bekyk.

HOU JY VAN DIE AKSIES?

Dan is die plek vir jou Bussie 36 by die SSR kantoor. Skryf net jou naam en koshuis adres, ons sal van ons laat hoor.

VERKEER WORD GEREËL

„Verkeersafdeling.” Dié woord word altyd geassosieer met omies met groot snorre wat kaartjies uitskryf om jou maand se begroting heeltemal omver te gooi.

Die ergste van alles is dat daar so afdeling op die Puk is wat net kaartjies skryf en sê waar jy mag parkeer en waar nie. Hoekom moet daar so iets op die kampus wees waar arme studente die onderspit moet delf?

Diegene wat soos hierbo redeneer moet definitief ingelig word hoe so 'n afdeling op die kampus nodig is. Sedert 1952 het die probleem op die Puk toegeneem en in 1975 is die afdeling onder mnr Lemmer op die been gebring.

DOEL


Die doel van die afdeling is om die verkeer ordelik te reël en reguleer. Die afdeling poog ook om met die studente saam te werk en die student te help. Hiermee is die Wapad se oogmerk om

die studente te motiveer om hulle samewerking te gee.

Die rede hoekom foto's vanjaar nodig is met aansoek om 'n parkeerskyfie, is om te verseker dat die regte persoon die regte skyfie kry en vir identifikasie doeleindes.

Die afdeling sal moontlik later 'n stelsel in werking stel wat elke voertuig met 'n skyfie 'n regmatige spasie sal kry binne die gebied waarvoor die skyfie uitgereik is. Daar is nog nie sekerheid of die stelsel deurgevoer gaan word nie, dié senaat moet dit nog eers goedkeur.

Studente met motorfiets moet ook aansoek doen om 'n parkeerskyfie. Die kwalifikasies waaraan voldoen moet word is nie dieselfde as vir 'n motorvoertuig nie. Besonderhede kan by die verkeersafdeling gekry word.



„Ek vaar beter by Nedbank.”

„Nedbank is my soort bank-
doeltreffend, flink en
vooruitstrewend.”

„Op 'n dag het ek besluit ek het 'n bank nodig, een wat pas by my manier van doen. Ek het hulle een vir een deurgekyk. En toe kies ek 'n bank wat so Suid-Afrikaans is soos ek. Nedbank.

„Hul 8%-spaarrekening is loshande die beste. Nedbank se tjekboek gee jou beter diens waar jy ookal gaan. En ek kan ook 'n Studentelening kry as ek dit nodig het. Dan's daar die Nedbank Passport-tydskrif, gratis elke maand. En die personeel by Nedbank is my soort mense. Ondernemend, insiklik en baie bekwaam.

„Wat my betref, kom g'n bank naby Nedbank nie.”



NEDBANK

Nedbank Bank. Gereguleerde Handelsbank.

DE TOEKOMS LE BY DIE NEDBANKERS.

die WAPAD

NAWEEKTOETSE

Die besluit van die Senaat het voor- en nadele. Die voordele van hierdie voorstel is dat ons as studente gedurende die week genoeg tyd tot ons beskikking sal hê om vir toetse voor te berei. Dit beteken dus dat ons nie 'n opeenhoping van toetse sal hê nie. Studente het dan geen rede om klasse af te gee nie.

Die nadele is dat studente nou nie kans sal hê om naweke huis toe te gaan nie. Dus sal ons nou moreel verplig word om naweke tuis te bly en te werk. Nog 'n nadeel is dat die verenigings nou ook nie meer sosiale aktiwiteite oor naweke sal kan reël nie.

VOORSTEL

Ons stel dus voor dat die Senaat hulle besluit moet heroorweeg en twee naweke per maand moet oophou vir studente om wel huis toe te kan gaan en studente wat betrokke is by georganiseerde studente aktiwiteite. Ook vra ons dat hulle dan 'n vasgestelde rooster moet opstel sodat hierdie besluit aandag moet geniet. Soos dit huidige die geval is, skryf ons nou gedurende Junie- en Augustusmaand ononderbroke toetse sonder dat een naweek oopval.

Die SSR sit op die oomblik met 'n netilige probleem nadat talle huiskomiteede wat verlede jaar verkies is, gedruip het.

Daar is op die oomblik baie onduidelikheid oor die oplossing omdat die huisvaders die probleem as die koshuis s'n sien, terwyl die SSR reken dat, aangesien die reglemente bepaal dat alle HK-lede wat druipe nadat hulle verkies is moet bedank, die beleid konsekwent toegepas moet word.

Aangesien daar vyf uit die ses HK-lede van Overde-Voor gedruip het, is die probleem vererger. Nadat ondersoek by die betrokke koshuis ingestel is, is agtergekom dat net twee persone aan die verkiesingsvereistes voldoen.

By sommige koshuise is die reël konsekwent toegepas soos byvoorbeeld by Klooster en Oosterhof. Gevoelens het ontstaan omdat sekere koshuise toegelaat is om hulle HK-druipeling te behou.

Tydens 'n vergadering van huisvaders het die Rektor, Prof. Bingle gesê dat hy van mening is dat druipeeling wat wel oor die nodige leierseenskappe beskik toegelaat moet word om voort te gaan. Hierdie voorstel is deur die SSR op 'n spesiale vergadering afgekeur.

Die voorsitter van die Sentrale Studenteraad, Mnr Theuns Eloff het Maandag aan die Wapad gesê dat die SSR baie ongelukkig is oor die toedrag van sake. Hulle hou hulle egter by die besluit dat die reglement konsekwent toegepas moet word.

Op 'n volgende vergadering van die SSR is vyf besluite met betrekking tot HK-druipeling geneem. Hiervolgens handhaaf die SSR sy oortuiging "onverswak . . . dat die akademiese peil van die van die leiers op die kampus gehandhaaf moet word sodat 'n voorbeeld aan alle studente gestel kan word."

Die SSR het ook besluit dat die reël konsekwent toegepas moet word en dat die SSR die afwyking betreur en in 'n baie ernstige lig beskou. Op dieselfde vergadering van 16 Februarie het die SSR ook 'n beroep op die leiers van die Puk gedoen om hulle akademiese ernstig op te neem sodat 'n herhaling van druipeeling HK-lede voorkom kan word.

Intussen word by sommige koshuise steeds toegelaat dat druipeeling op die HK sit. Volgens Mnr Eloff word daar op die oomblik gedink daaraan om kandidate vroeg in die jaar, volgens hulle halfjaarpunt, te keur om 'n herhaling te voorkom.

Hy het gesê dat die praktiese implikasies van die strenge toepassing van die reël kan veroorsaak dat 'n koshuis "in die modder" sonder 'n huiskomitee staan.

LAAT EK SOMMER DADELIK MET DIE DEUR IN DIE HUIS VAL - EK LAAT MY NIE 'N GAT IN DIE KOP PRAAT NIE EN EK IS NIE 'N KATJIE OM SONDER HANDSKOENE TE PAK NIE. EN EK KNYP OOK NIE DIE KAT IN DIE DONKER NIE

MAN DIE OS OP DIE ESEL: ONDERUIN- DING IS TOG DIE BESTE LEERMEESTER. WANT TWEE KOPPE IS BETER AS EEN!

Pepsi '77

KARNAVAL '77

WAAR DIE HART VAN VOL IS, LOOP DIE MOND VAN OOR!

Deur my Lens

DIE pas afgelope stadsraadsverkiezing was 'n ontstellende openbaring van die Puk-studente se algemene traak-my-nie-agtige houding.

Alle persone wat registreer is as kiesers het die reg gehad om vir 'n verteenwoordiger in die Stadsraad te stem. Van die totale aantal stemgeregtigdes op die Puk, het minder as 20% gaan stem. Daarteenoor het plusminus 100% van Pote se stemgeregtigdes gaan stem!

Is dit nie 'n barometer van

hoe betrokke die Puk-student is nie? Behoort ons nie ons ore van ons koppe af te skaam omdat die Pote hier oorkant meer gees as ons het nie?

Die antwoord is prontuit: JA!

Het ons dan die reg om te kla omdat ons uitgebuit word deur winkels op die bult?

Nee, ons is dan te slap om iemand te kies wat ons saak in die Stadsraad kan stel. Het ons geen loyaliteitsgevoel teenoor ons eie Puk-dosente nie? Was dit baie eerbaar van studente om kandidate af te pers deur hulle te laat belooft om biertuine, ysskaatsbane, e.d.m. vir die studente te inisieer? Was dit eerbaar om dan nie eers vir hulle te gaan stem nie?

„Die student op die Puk is gevrek!” aldus mnr. Johan Aucamp.

Hoe dan nou Pukke?

Hoe gaan ons maak met Karnaval? Gaan ons weer soos gewoonlik terugsit en verwag iemand anders moet al die werk doen? Moet ons nie eers die spreekwoordelike balk uit ons eie oog haal voor ons ander kritiseer nie? Het ons gees of nie?!

Dis ons taak om die teendeel te bewys.

MET DIE KWEPERLAT

DAAR is glo baie skinderstories op die Puk, of altans só verseker die geheel-en-al plaaslike dorpskoerant ons mos byna elke tweede week.

Terwyl ek verlede Woensdag onder die groen ry aangeplante verkiesingstrydpunte deurstap (stem vir Akkerboom Doep), ry die geel kombi's studente van Klawerhof en Kulu aan na die stembus.

Studenteraadskombi's, sê hulle. Die Pukke ook. Want Maroen is soos geel. Jy sien dit kilometers ver.

Behalwe die vergete beloftes, en miskien, blokstemmery, is dit nie so erg nie. Dit is net dat daar so 'n reukie bly.

Manipulasie van studente-stemme? Misbruik van die SSR se kombi's?

Wel, as 'n Studenteraadslid se pa met net twee en twintig stemme wen en hy is agter, nie lank voordat die busse sluit nie, is ek nie verbaas dat die dorpenaars wonder of iemand besig is om sy akkers vir die swyne te gooi nie.

Maar wees gerus. Die SSR het net een kombi. Gemerkt en ongebruik. Die ander geel kombi's is Tegnie's s'n. Onbruikbaar tensy die Registrateur sy toestemming gee.

Maar die Maroen?

IETS ergers as 'n aardbewing het glo verlede naweek die Tokkelokke getref vertel my goeie vriend Gottlieb Bocceroli my.

Miskien moet ek julle eers voorstel aan hom want onbekend is onbemin, en Gottlieb is juis so 'n man.

Gottlieb is een van daardie ouens wat sowat drie jaar terug hier op die PUK aangekom het met die doel - soos alle eerstejaars - om te swot. Soos die meeste eerstejaars kon hy dit net tot na Karnaval uithou.

Toe gaan koop hy sy eerste en enigste handboek. Ongelukkig het die boekwinkels nie die boek gehad nie. Hy het dit dus maar bestel.

Gottlieb se boek het uiteindelik hier aangekom. Drie jaar later. Hy was moreel verplig om dit te koop, sê hy. In elk geval, ons vertel later meer van hom.

Om terug te kom tot die aardbewing. Gottlieb Bocceroli vertel my dat uit 'n totaal van ongeveer 80 admissiestudente net sowat dertig verlede naweek op 'n kamp geskik bevind is om aan te gaan met hulle studies.

Om te wys hy is nie heeltemal so 'n slegte ou nie was my vriend Bocceroli se kommentaar dat dit hoog tyd is dat die klomp vasgevat word.

Hy is glo nou besig om van voor af aan te besluit waarvoor hy vanjaar gaan inskryf.

Hit die Moord

DIE LIEFDE VAN JOU BRUIDSTYD

Jer. 2:2(b) . . . So spreek die Here: Ek onthou die geneetheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd . . .

Wanneer 'n mens jonk is, is dit seker een van die wonderlikste belewenisse om lief te kan hê. As jongmens is jy bereid om enigiets vir jou liefde te doen, en dan swem jy deur elke spreekwoordelike rivier of jy klim oor elke spreekwoordelike berg, ter wille van die liefde. Juis daarom vergelyk die Here sy volk in Jer. 2:2 met 'n jongmens. Die Here wys hier op die tyd toe Hy Israel as 'n jonk volk uit Egipteland uitgelei het. Met toewyding het hulle die wolokolom en die vuurkolom van die Here deur die woestyn heen gevolg tot in Kanaän. Al het die volk toe dikwels gemurmureer en gekla, vorm hulle lewenswyse in die tyd van Jeremia 'n radikale kontras met daardie beginjare van hulle bestaan as 'n volk. Was hulle maar nou nog soos in daardie dae! Ja, want toe was die volk soos 'n jongmens wat kon liefhê soos alleen maar 'n jongmens kan - onvoorwaardelik en altyd welwillend!

Ons gaan natuurlik ook deur 'n ontwikkelingsgang want ons word ouer en ons kan nie vir altyd jongmense bly nie. Ons mag egter nie al verder van die Here af wegdwaal soos wat ons ouer word nie. As jongmense staan ons bloot vir baie verleidinge. Daarom moet ons elke dag van ons studentelewe, ook in Karnavaltyd, die geneetheid van ons jeug en die liefde van ons bruidstyd onthou. Die onvoorwaardelike liefde en opregte gesindheid tot die Here, wat ons vir Hom in ons ouerhuise leer kry het, mag ons nie nou vergeet nie. Ons moet agter die Here aanloop en Hom dien en bely, soos wat 'n bruid en 'n vrou altyd haar geliefde wil volg. As ons agter die genietinge van die wêreld aanloop, word ons ook soos Israel wat „agter nietige afgode aan geloop het en self nietig geword het” (2:5). Ons mag nie die heerlijkheid wat Christus vir ons gebring het, verruil vir wat geen voordeel bring nie. Daarom herinner die Here ons deur Sy Woord aan die geneetheid van ons jeug en die liefde van ons bruidstyd. Laat ons daaraan vashou!



WANDA AAN DIE BRAND - Foto: Fotokuns

BRIEWE AAN DIE REDAKTEUR

Geagte Redakteur

Ek wag nog steeds vir 'n verduideliking waarom my berig i.v.m. drankmisbruik op die kampus, nie aan die einde van verlede jaar geplaas is nie. Ek neem aan dat ons Pukke se enigste kommunikasiekanaal op daardie tydstip 'n bietjie verstop was.

Graag wil ek gebruikmaak van u uitnodiging in Die Wapad 25-2-77, om openlik met 'n saak na die plaaslike kommunikasiekanaal te kom en dit aan die kampus te stel.

Eerstens wil ek verwys na 'n paar skynheilige uitlatings van Die Wapad van 11-2-77 wat deur lede van die SSR uitgegee is. Kyk berig nl. „Leiers besluit oor Toekoms,” p.3, punte 2.1 tot 2.3. Hoekom poog die SSR om 'n beeld van hierdie universiteit voor te hou, wat nie bestaan nie? Probeer hulle nou om die eerstejaars te breinspoel? Wat dink die SSR gaan hulle bereik met sulke besluite? Ek wil die volgende paar feite baie duidelik aan ons SSR stel nl.

1. Daar is darem heelwat van ons studente wat sonder „Calvinistiese oogklappies” op hierdie kampus rondloop en wat baie beslis nie aan die slaap gesus is met die „C.H.O.” agter ons universiteit se naam nie en dusdoende is ons terdeë bewus van die onchristelike praktyke op ons kampus.

2. Daar is heelwat van ons studente wat 'n noue kontak met ons dosente en personeel het en wat so nou en dan ingelig word aangaande die manewales van ons owerhede, personeel en dosente, wat agter die skerms afspeel.

3. Daar is heelwat van ons studente wat erns maak met die positiewe karakter wat ons universiteit behoort te hê en vandaar die somtydse felle kritiek teen ons universiteit.

Ek verwys verder na die kommentaar op p.4 van die bogenoemde koerant. Hoe durf die kommentator nou poog om die indruk te skep dat alle verdagmaking en swartmeer van ons Alma Mater slegs van buite die universiteit geskied het? Ek verwys hier spesifiek na die Grobler vs. Bingle-saak. Dink die kommentator dat almal van ons nou regtig so toe is om te glo dat ons owerheid, rektor, personeel, dosente en studente géén aandeel in hierdie skande van ons universiteit gehad het nie? Dink die kommentator regtig dat ons NIKS van die bogenoemde saak weet nie en dat ons ewe skielik gaan val vir sy skynheilige oproep!?

As die PUK nog nooit die stuiprekkings van sy burokratiese sisteem gevoel het nie, dan moet hy dit beslis in hierdie tyd voel. Met laasge-

noemde stelling in gedagte, wil ek die volgende vrae stel nl.

1. Is dit waarom al die dosente – om nie eers die studente te noem nie! – nog nie in kennis gestel is van die volle waarheid en toedrag van sake rondom die Grobler vs. Bingle-saak nie?
2. Het dit nie miskien aanleiding gegee tot die Grobler vs. Bingle-saak nie?
3. Sal die Grobler vs. Bingle-saak OOIT opgelos word, sonder dat daar nog vrae daaromtrent in die lug sal hang?
4. Kan hierdie sisteem in die toekoms nie weer aanleiding gee tot 'n soortgelyke geval nie?
5. Is dit miskien waarom daar weer sprake is van 'n tweede Pops?

Dit is geen wonder dat koerante verdagmaking saai en die rektor in baie opsigte op 'n onregverdigde manier aftakel nie, want niemand beskik oor die ware feite nie! Waarvoor moet ons studente nou baklei? Watter tipe en wie se agting moet ons nou terugwen?

Namens baie studente wil ek dringend die volgende versoek tot die SSR rig nl. Hou op met julle skynheilige uitlatings oor sake waarvan julle nie kennis dra nie en beywer julle vir die vrystelling van die VOLLE inligting t.o.v. die Grobler vs. Bingle-saak – ons is immers ook deel van hierdie universiteit! – sodat ons almal saam kan werk om die beeld van ons universiteit te herstel en sodat ons almal ten minste weet waar en hoe om die verdagmaking van ons universiteit die nek in te slaan! Moet asb. nie weer met die cliché van „pasop vir vuil wasgoed op die draad,” vorendag kom nie, want dit is myns insiens slegs 'n gerieflike joernalistieke skuiwergat om weg te skram van verantwoordelikeid. Ek rig ook hiermee 'n openlike uitdaging aan die SSR om my aantui- gings teen hulle te verdedig, as hulle kan.

Ten slotte verwys ek na die uitlatings van die skrywe van „Deur My Lens,” in die Wapad van 25-2-77. Daarin waarsku hy teen 'n situasie wat handuit kan ruk en waarsku ook dat die PUK ryp is daarvoor. Hy is immers meer openlik en regverdig, as die skrywers van Die Wapad van 11-2-77. Dit verbaas my om te sien dat die persone wat so bekommerd is omtrent wan- praktyke op die kampus, nie die rede daaragter kan sien nie. Het u dan nog nooit agterge- kom dat hier te veel „Calvi- niste” en te min Christene op hierdie kampus rondloop nie?!

Andries M. Els.

Geagte Redakteur,

Ek wil graag 'n baie teer- sakter aanroer en ek het net die gevoel dat dit nog tot wye reaksie gaan lei – mits hierdie brief gepubliseer word.

By ons terugkeer het ons ge- vind dat daar verskeie nuwe les- inglokale is en hier praat ek o.a. van die nuwe Wiskundige gebou, ens. Die pragtige nuwe geboue verbeter natuurlik die aansien van die kampus, maar is of word daar ooit aandag gegee aan die behuising van studente en veral van mansstu- dente. Vir die afgelope drie jaar wat ek op die PUK is het verskeie nuwe geboue verrys, maar tussen hulle was nie een manskoshuis nie. Nou is daar 'n hele paar maars wat ek, en verskeie ander mense graag beantwoord wil hê.

Nr. 1. Hoekom is die klas en koshuisgelede van die Puk in hierdie nypende tyd van inflasie verhoog? Is die geagte univer- siteitsowerheid bewus daarvan hoe moeilik (of glad on- moontlik) dit vir 'n gemiddelde ouerpaar is om R1 000 plus sakgeld – jaarliks vir 'n kind te betaal om hom/haar op univer- siteit te hou. Onthou almal het nie beurse nie, en party beurse is glad onvoldoende.

Nr. 2. Wie gaan dit glo dat lewenskoste soveel gestyg het dat dit oor 'n tydperk van agt maande plusminus R100 beloop? Ek kan u natuurlik ook dié versekering gee dat die gehalte of hoeveelheid voedsel nog presies dieselfde as verlede jaar is. Ek wonder maar net hoekom het ons die vraelyste oor die spyskaart voltooi want daarin is ook geen variasie te bespeur nie.

Nr. 3. Hoekom het die U.O.V.S. of U.P. soveel moderner koshuise as Puk en hulle betaal minder (U.P. R620) of net soveel koshuis- gelede?

Goed en wel, die mans wil graag in die koshuise wees, weens die gevoel van eens- gesindheid en trots wat in- herent in hulle teenwoordig is. Die universiteitsowerheid is blykbaar deeglik bewus hiervan en hulle is besig om dit uit te buit. So wil geeneen van ons graag sy koshuis of universiteit verruil vir privaatlosies of 'n ander nie.

Ek wil enigiemand graag uit- nooi om te kom kyk na Klooster, Skuur en selfs na die ouer manskoshuise op die Puk en dit dan te vergelyk met U.O.V.S. of U.P. se koshuise – besluit dan of dit koshuisgelede van meer as R600 regverdig. Die toestande waarin daar geleer of geleeft moet word noem ek nie eers op nie. Vir die afgelope vyf jaar het koshuise- en klasgelede verdubbel, maar glo my, nie die afslag vir ongerief nie.

Ten slotte wil ek 'n versoek tot die owerheid rig dat 'n vraelys oor bg. toestande aan manskoshuise gegee moet word om 'n algemene mening oor die toestande te verkry. Sorg asb dat daar iets anders mee ge- doen word as die navrae oor die spyskaart.

Lambert Smith

SPORT

SWEMGALA

Hombré en Klawerhof het hulself as die twee bobaas-swemkos- huise op die PUK bewys deur die interkoshuis-gala Maandag- aand in die PUK se swembad te wen.

Die swemgala, wat een van die suksesvolste PUK-aksies in jare was, het in goeie mede- dingende gees opwindende swem opgedis. Van die mans- koshuise het Hombré die beste gevaar met 551 punte, gevolg deur Klooster met 375 punte en Caput met 308 punte. Tans heers daar nog onsekerheid oor

wie die Dames-swembeker gewen het.

Die finale puntestand was as volg:

Hombré	551
Klooster	375
Caput	308
Pote	257
Dorp	237
Thaba Jāh	204

Overs	135
Kompleks	116
Dawie Dup	102
Heimat	20
Klawerhof	388
Vergeet-my-nie	388
Pote	318
Karliën	264
Kulu	239
Wanda	235
Kasteel	190
Soetdorings	54
Oosterhof	54
Dorp	50
Wag-'n-Bietjie	184

Die lagwekkende pa- jamaresies is deur die dames van Klawerhof gewen terwyl die manne van Caput 'n ver- toning van formaat gelewer het deur die bierresies te wen.

Die swembestuur belowe dat die gala 'n jaarlikse instelling gemaak gaan word. Ons wens die PUK se swem- en water- polospan wat die 19e Maart teen die Kovsies in Bloem- fontein intervarsity het alles van die beste toe.

Ibbies teen Strathvaal

Die Ibbies het verlede Saterdag vir Klerksdorp naelskraap met 15 - 13 geklop. As hulle nou eerskomende Saterdag vir Strathvaal wen dan skuif hulle op na die Neser A-Liga. Dit sal beteken dat die Puk twee spanne in die eersteliga het.

Klerksdorp, 'n span vol bekende name, manne soos Waron Jevou, Martin Benade, Richard Owen, Jan Tromp en andere skuif nou af na die tweede liga toe.

Die wedstryd was baie spannend en Klerksdorp het self tweemaal in die wedstryd voorgeloop. Klerksdorp se voorspelers was te swaar en ervaar vir die ligte pak van die Ibbies, maar die Ibbies se agterlyn het baie goed gebruik gemaak van die paar balle wat hulle gekry het.

Willie Smith het baie goed gespeel op losskakel met slim skoppies en hy het sy agterlyn goed weggestuur en 'n paar maal mooi gebreek. Theuns Eloff en Hendrik Crafford het baie goed verdedig op senter. Jannie Tiedt was baie bestendig op heelagter. In die voorspelers moet Eric le Roux uitgesonder word. Hy was 'n meester met goeie verdedig- ing.

Punte is aangeteken deur Willie Smith ('n drie), E. le Roux ('n drie) en Jannie Tiedt het sewe punte aangeteken (twee doelskoppe en een doelskop).

Ons wens die Ibbies alle sukses toe met hul wedstryd teen Strathvaal en hoop om twee Puk-spanne in die eerste liga te sien vanjaar.

Die sportdag met RAU is die 26ste Maart en daar is gelukkig nog twee wedstryde voor dit om die spanne en skaafplekke reg te kry.

Op 11 Maart speel die Puk teen Randfontein op Olën- park. Die volgende spanne speel:

Eerstespan vs Randfontein I
Tweedspan vs Randfontein II

Jongspan vs Randfontein III
Puk 0/20A vs Randfontein 0/20A

Die 19 Maart speel Puk teen Kempton Park op Kempton Park met die volgende spanne:

Eerstespan vs Kempton Park I

Ibbies vs Kempton Park II
Tweedspan vs Kempton Park III

Jongspan vs Kempton Park IV

Puk 0/20A vs Kempton Park 0/20A

Puk 0/20B vs Kempton Park 0/20B

KARATE

Saterdag 26 Februarie 1977 om 19h30 het die besoekende Goju-Ryu-karatespan van die V.S.A. teen die Wes-Transvaalse en Vrystaatse spanne in die Campellsaal in Klerksdorp te staan gekom.

Die Wes-Transvaalse span het bestaan uit Braam Peens, Harold Wagner en Corrie Botha van die PUK, Jan Greyling van Pote en Spiros Cominos van Klerksdorp. Harold Wagner is gekies vir die Suid-Afrikaanse karate- span en Braam Peens as reserwe vir die span wat 5 Maart 1977 teen die Amerikaanse span in 'n toets te staan kom.

Die Wes-Transvaalse span het teen die Vrystaatse span gewen en daarna het die Amerikaners die Vrystaat gewen. Die twee wenspanne, Wes-Transvaal en Amerika, het teen mekaar geveg en Wes-Transvaal was weer die oorwinnaars. Die Amerikaanse span het egter een geveg meer gehad en het op die algemene puntetotaal met een punt gewen.

REDAKSIE

Hoofredakteur: Johan Burden, Dwarsstraat 33, Tel. 6086. Asst.-Hoofredakteur en verspreider: Louw van Biljon, Hombré. Tel. 7996/2216/22355.

Redakteur Rade en Interuniversitêr: Vlok Delport, Hombré. Sub-redaksie, Mauritz Moolman, Dier Schoeman, Una van Staden, Adri Robinson.

Nuus-redakteur: John Leyden, Caput, Tel. 3375/6, 22230. Sub-redaksie: Marie van Zyl, Elmarie Slabber, Wikus Lee. Manssport-redakteur: Hans Saestad, Hombré.

Damesport-redaktrise: Erna van Zyl, Kasteel, Tel. 5316/7239/6303.

Sub-redaksie: Vlooi Fouché. Manskoshuis-redakteur: Danie Stols, Klooster, Tel. 22246/22151.

Sub-redaksie: L.S.D. du Plessis (Caput), Arthur Olivier (Hombré), Abraham Kruger (Uitspan), Willie Louw (Makoulei), Lourens Swart (Overs). Dameskoshuis-redaktrise: Christina Pelser, Wanda, Tel. 4327/8.

Sub-redaksie: Elretha Dreyer (Wanda), Lettie Diedericks (Kasteel), Estelle Oosthuisen (Vergeet-my-Nie), Rina Heyneke (Wag-'n-Bietjie), Lola Malan (Karlien), Santjie Claassens (Heide), Ilse Griesel (Kulu), Erina du Toit (Klawerhof), Anria Louw (Oosterhof), Betsie Erwee (Soetdorings).

Kunsredakteur: Pieter Oberholzer; Buxton House, Potch. Boy's High, Tel. 3475.

Sub-redaksie: Kobus Lodewyckx, Isobert Kok. Damesblad-redaktrise: Mabel du Plessis, Wag-'n-Bietjie, Tel. 4277/8.

Sub-redaksie: Martie van Jaarsveld, Isabel Hoogenboezem, Linda-Marie Louw.

Tegniese-redakteur: Barra Boshoff, Goudstraat 3.

Sub-redaksie: Hans Brouwer, Hannes van Niekerk, Johan Venter.

Foto-redakteur: Jaco Pretorius, Hombré.

Aster Verteenwoordigster: Annadien Coetsee, Wag-'n-Bietjie.

S.S.R.-Verteenwoordigster: Ilse Kuun, Wag-'n-Bietjie.

Sekretaresse: Bossie Boshoff, Vergeet-my-Nie. Penningmeester: Jan Kroeze, Klooster.

Handboek Probleme

Die voorsiening van handboeke aan die studente van die PUK grens aan chaos. Terwyl die klasse reeds begin het is talle handboeke in verskeie studierigtings onbekombaar.

Terwyl lektore en die voorsieners mekaar oor en weer beskuldig van ondoeltreffendheid in die bestelling van handboeke, kla die studente steen en been oor die hoë pryse wat hulle vir boeke moet betaal.

Intussen het Pro Rege, die Grootste boekhandelaar in Potchefstroom bekend gemaak dat die verskaffing van rekeninggeriewe aan studente aan die begin van 1979 gestaak gaan word. Dit volg nadat eerstejaars vir die eerste keer R50 deposito moet betaal voordat die boekwinkel hulle toelaat om 'n rekening te open. Die reëling gaan volgende jaar tot die tweedejaars uitgebrei word.

Lektore met wie Die Wapad verlede week gesels het, het hul bekommernis uitgespreek oor die tekort wat daar aan sekere hand-



Na aanleiding van Mnr. Moolman se berig oor nuwe boeke, hoekom maak u nie van die tweedehandse boekekomitee gebruik nie?

boeke ondervind word. Die meerderheid wyt die tekorte toe aan die beleid van boekhandelaars om „eers ou voorraad te verkoop” voordat nuwe handboeke bestel word. Die nuwe bestellings kom gewoonlik sowat drie tot vier maande nadat die PUK begin het hier aan.

Volgens hulle is dit dan hopeloos te laat omdat hulle, volgens 'n departementshoof, reeds teen daardie tyd die boek afgehandel het en hul eie lesings saamgestel het. Gevolglik bly die boeke op die rakke staan. Die boekhandelaars neem hulle gevolglik kwalik omdat die boeke nie verkoop nie en hulle daardeur verliese ly.

Navrae by studente het onder andere aan die lig gebring dat nie een van die tweedejaar dramastudente die voorgeskrywe werk,

Basie Oral Communication - Capp, in die hande kan kry nie. Na verneem word is die boek reeds gedurende Septembermaand verlede jaar deur die betrokke lektor bestel.

Die handboek „Educational and Psychological measuring and Evaluation” is vir tweede en derdejaar studente in die Sielkunde voorgeskryf. Aan die begin van die jaar het Pro Rege net 50 van dié boeke op sy rakke gehad terwyl daar bykans 100 studente net in die derdejaarsklas is.

Verlede Woensdag kon studente in die derde jaar kommunikasiekunde twee handboeke nie kry nie terwyl Een vir Azazel en Lucifer van Vondel vir derdejaarstudente in Afrikaans-Nederlands onbekombaar is. Dit is net enkele voorbeelde.

Die bestuurder van Pro Rege, mnr. A.J. van der Walt het 'n tyd gelede in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat hy geweldig probleme ondervind om

boeke veral uit Amerika bestel te kry. Hy skryf die probleem daaraan toe dat die maatskappye nie verteenwoordigers in Suid-Afrika het nie.

Volgens mnr. Van der Walt stuur die universiteit elke jaar gedurende September 'n lys van voorgeskrywe werke vir die volgende jaar aan die boekwinkel. Hy moet die hoeveelheid boeke wat hy moet bestel skat omdat net sowat 20 per sent van die dosente op geskrewe persoonlike navrae reageer.

Geen boekwinkel kan die risiko bekostig om 'n groot hoeveelheid van 'n boek aan te hou wat nie verkoop nie. Soms word voorgeskrywe werke ook deur dosente ingetrek sonder dat hy daarvan in kennis gestel word, sê hy.

Mnr. Hennie Kruger, die bestuurder van Wesvalia, het nege wetsboeke van R35 stuk aan Die Wapad gewys wat hy „maar in die asblik kan gooi.”

Mnr. Van der Walt het ook gesê dat, wat die depositos van R50 betref dit gedoen is omdat studente versuim om hulle rekenings aan die einde van die jaar te betaal. Hulle ondervind eintlik die meeste probleme met studente wat heeltemal op beurse aangewese is.

Volgens hom word die beurse in April aan die studente uitbetaal nadat die universiteit die klas- en koshuishelde afgetrek het. Die studente steek die res van die geld in hul sakke in plaas daarvan dat hulle hul rekeninge betaal.

Mnr. Hans van Zyl, wat deels vir die hantering van studentebeurse verantwoordelik is, het aan die Wapad erken dat hierdie reëling „'n wesenlike probleem” veroorsaak omdat studente wat op beurse aangewese is nie die deposito het nie. Hulle kan nie boeke koop as hulle nie die R50 betaal nie. Die betrokke boekwinkel het wel enkele uitsonderinge gemaak nadat spesiale versoeke tot hulle gerig is.

Pro Rege het ook besluit dat geen item wat onder een rand kos op rekening aan studente verkoop word nie. Volgens mnr. Van der Walt regverdig die koste van die versending van 'n rekening nie die aankoop van 'n item wat goedkoper as 'n rand is nie.

Hy het daarna gesê dat Pro Rege vanaf die begin van 1979 die rekeningstelsel afskaf. Hy beskou ook nie Wesvalia as opposisie nie.

Wesvalia oorweeg nie een van die maatreëls nie. Volgens mnr. Kruger moedig hy studente aan om rekening by Pro Rege ook te open omdat Wesvalia nie dieselfde groot verskeidenheid boeke het nie.

Amptenary van die Universiteit is van mening dat die boekwinkels eerder 'n beter kontrole oor hul rekeninge moet uitoefen as die „monopolistiese” maatreëls wat nou ingestel word.

Wat die hoë pryse van boeke betref het mnr. Van

der Walt aan die Wapad verduidelik dat boeke net soos bande en petrol, aan prysbinding onderworpe is. Dit beteken dat geen boekwinkel afslag mag gee nie behalwe vir massa-aankope deur kolleges en skole. Die sewe en 'n half persent afslag geld nie vir universiteite nie, maar wel universiteitsbiblioteke. Geen boekwinkel mag ook uit eie inisiatief pryse verlaag nie. Wesvalia gee afslag vir kontant.

Pryse word deur die drukkersvakbond vasgestel. Die boekwinkels kry 'n korting van twintig per sent vir hul aankope. Hulle verkoop dan weer die boeke teen die vasgestelde pryse. Vir ingevoerde boeke is hul geregtig op 'n persentasieverhoging in die pryse.

Mnr. Van der Walt het nie 'n verklaring aangebied toe Die Wapad hom daarop wys dat 'n sekere boek se ou prys deurgehaal en 'n hoër prys daarop aangebring is nie. Voor dit het hy gesê dat dit nie die boekwinkel se beleid is om pryse op te merk nie. Hy het na „The Flight of the Phoenix” verwys. Daarvan het hy 65 ou eksemplare gehad teen die ou prys van R1.35. Die nuwe bestelling van 68 eksemplare word teen R4.00 verkoop.

Die boeke waarvan die prys op gemerk is, is dadelik van die rakke verwyder hoewel „A Shorter History of Rome” van H. Mcary en H.H. Scullard later op die rakke gesien is. 'n Hoër prys is ook daarop aangebring.

ONS SOEK VRIENDE

Mnr en Mev Bryant van Kalifornië stel baie belang in Suid-Afrika en wil graag korrespondeer. Mnr Bryant studeer vir sy meestersgraad in die biologiese wetenskappe aan die Universiteit van Kalifornië. Sy vrou werk in die Bank van Amerika.

Studente wat graag met hulle wil korrespondeer moet hulle korrespondensie rig aan die volgende adres:

John M. Bryant
5419 College Oak Dr.,
Sacramento,
California
95841

ATHENE!

Studente, gegraduatees of personeel van die Universiteit wat Athene wil besoek kan gebruik maak van die volgende dienste:

1. Akkommodasie vir

toeriste of groeptoere. Bykomend, nog dubbele akkommodasie teen R3 per nag en 'n Suid-Afrikaanse ontbyt ingesluit.

Akkommodasie kan per tjek vooraf betaal word in Suid-Afrikaanse

In ruil vir die gebruikmaking van hulle dienste sal die studente 'n kommissie van ongeveer kwart afslag by alle besigheidsplekke ontvang.

Vir verdere inligting kontak Ilse Kuun of raadpleeg die lêer vir oorsese reise by die SSR-Kantoor.

SONDER GRAPPIES

Hoor hier. Dink jy nie ons eet regtigwaar te veel nie? Oral in tydskrifte en winkelveters sien jy advertensies oor verslankingsmiddels. Suid-Afrikaanse vrouens is almal vet ou soustannies as hulle hier by veertig trek - spekvat en „gesond”.

As jy verjaar word daar geëet. As daar 'n Wimpy op pad is word daar geëet. As die snoepie oopmaak is almal daar. As iemand kom kuier is dit koekies en beskuit en tofies. As 'n kleintjie soet is word hy beloon met lekkergoed. As 'n ou sy aster wil „treat” is dit 'n „slab chocolates”. Dit eet, eet eet! Ons grawe ons grafte met ons tande.

Besef jy dat miljoene mense in onderontwikkelde lande honger ly. Was jy al honger? Regtig honger? Nie net sommer lus vir 'n „Kit Kat” nie? Babas en jong kindertjies is veral slagoffers wat 'n hoë prys betaal. Die dood eis ontstellend baie kinderlewens as gevolg van ondervoeding. As hulle nie doodgaan nie het hulle vir die res van hulle lewens gebreke en a.g.v. die vitamien en mineraaltekte wat hulle het.

Suid-Afrikaner, jy pleeg sonde, weet jy? Jy leef soos 'n koning maar jy weet nie wat gaan in die wêreld om jou aan nie! Jy laat my dink aan Marie Antoinette van Frankryk. Toe die honger gepeupel in die strate gekla

het dat hulle nie kos het nie, het sy ewe verbaas gesê: „Wat is die probleem? As daar nie brood is nie, gee vir hulle koek!”

Is jou naam nie dalk Marie Antoinette nie? Wat gaan jy doen? Wat gaan ons doen? Waar eindig dit?

RIVIER - PUKKE

In die vorige Wapad het ons reeds kennis gemaak met die Rivierpukke op Vanderbijlpark.

'n Verteenwoordigende komitee onder leiding van Johan van Dyk wat as skakel sal dien tussen die Rivierpukke en die S.S.R. is aangestel.

Daar is 'n dosent-student muurbalspan gestig wat van Yskor se fasiliteite gebruik maak.

Vanaf 7-12 Maart is dit Pukweek in Vanderbijlpark. Op 8 Maart tree die sêrgroep in die hoofstraat, wat in 'n maliebaan omskep is, op. Op 10 Maart kom die PU-Kaners aan die beurt en op 12 Maart is dit Karnaval.

SEKURITEIT VRA

DIT IS byna ondenkbaar dat daar so baie verlore goedere kan wees wat nie opgeëis word nie. Sekuriteit het die Wapad genader om dit onder die studente se aandag te bring dat daar kamers vol verlore goedere is. Daar is alleen 'n pakkamer vol fietse wat op die kampus gevind is.

Indien enige iemand iets optel moet dit na die sekuriteitskantoor geneem word sodat die eienaar dit kan kom aflaai. As u dus op een of ander tyd iets verloor het, kom doen navraag daaroor. Dit sal sekuriteit se taak ook vergemaklik.



'n Dell van die publikasiekomitee van Korps se uitstalling.

Korps hou Uitstalling

Geweld, wanvoeding, besoedeling - die nood van ons tyd - was die tema van die Korpsraad se uitstalling van een tot drie Maart.

Dié suksesvolle uitstalling in die Totiussaal het 'n wye spektrum gedek. Almal het saamgewerk - korpsele, onderliggame en al die studente.

Daar was die baie geslaagde uitstalling van Politika oor geweld. Veral die verskillende wapens het baie belangstelling gewek. Hulpprojek se „muur” en troffels het baie mense gelok.

'n Film - In die skadu van die toekoms - 's Dinsdagaand vertoon en die polisie het elke sleeptyd van hulle dwelmmiddel saam met Liber Factus uitgestal.

Ander onderliggame wat meegehelp het met die uitstalling was Aktueel, Publikasiekomitee en Kampusfokus.

Dit wil voorkom of Korps vanjaar groot dink en groot gaan doen.



Politika, 'n onderliggaam van KORPS, het geweld as tema gekies

A.S.B. Projekteur vir 77

PROJEK

Studentedienskonferensie
SSR en Besturekamp
Ekonomiese Konferensie
Studenteraadskonferensie
Sielkunde Konferensie
Aktualiteitskonferensie
Regskonferensie
Letterkunde Konferensie
ASB Kongres
Kwesta '77
Maatskaplike Konferensie
Eerstejaars Opleidingskamp
Dagstudente konferensie

DATUM

11 - 12 Maart
1 - 2 April
22 - 24 April
25 - 26 April
6 - 7 Mei
13 - 14 Mei
20 - 21 Mei
10 - 11 Junie
4 - 8 Julie
11 - 15 Julie
22 - 23 Julie
12 - 14 Augustus
19 - 22 Augustus

KAMPUSSE WAAR AANGEBIED WORD

U.P. Binnemuurs
U.O.V.S. en B.O.K.
ASVS - Univ. Van Stellenbosch
R.A.U.
Huguenote Kollege
R.A.U.
P.U. vir C.H.O.
Durbanse Onderwyskollege
U.P.
P.U. vir C.H.O. en P.O.K.
P.U. vir C.H.O.
ASVS - Unive van Stellenbosch

MIELIELAND FIETSTOER

Vrydag 4 Maart het 36 manhaftige fietsryers van al die koshuise die karnaval begin van Delareyville af. Van die begin af was die gees groot en die stryd taai.

Op Lichtenburg is 'n groot fees vir die manne gereël. Die burgemeester het gesorg vir 'n paar skape en lamenis vir die droë kele. Die aand was die biblioteekvloer net bietjie hard gewees.

Saterdagoggend nege uur is die stryd voortgesit na Coligny. Die beamptes het vooruit gery om storie en verversings vir die ryers te reël. Hulle het hulle egter

misgis met die spoed waarmee die ouens gery het. Die gevolg was dat die ryers deur die dorp is voordat die beamptes hulle kon stop.

Ventersdorp se hulle het die ryers baie moedeloos gemaak, maar elkeen het besef hy moet homself bewys en alles gee. Die reën het die ryers se spoed ook baie benadeel. Nogtans het die ryers hul beste gelewer.

Ongeveer half vier is Leo van Vuuren luidkeels deur die Pukke verwelkom. Die Wapad was by toe hy van sy fiets afklom en het hom gevra wat sy kommentaar oor die hele toer was. Al wat hy gesê het was: „Die gees was groot”.

Die ander manne het 'n rukkies later oor die wenstreep gespoed met uitdrukkinglose gesigte, maar innerlik tevredenheid.

Die burgemeester het hulle ook verwelkom en geluk gewens met hulle veeleisende poging. Later die aand het die manne rustig onder die brug braaivleis gehou, en oor hulle eskapades gesels.

Dit was 'n groot begin vir

karnaval en die mense wat die ryers gesien het sal nog lank praat oor die klomp manne se groot gees. Nou gaan ons voluit vir die res van karnaval!

Puntestand van die Mielielandfietsstoer:

- Liberalia 180
- Overs 119
- Hombré 110
- Caput 91
- Makoulei 80
- Heimat 61
- Klooster 46
- Dorp 22
- Thaba Jah 17
- Uitspan 10



Só verwelkom ons die winner Foto Jaco Pretorius



Leo van Vuuren die algehele winner van die Mielielandfietsstoer. Foto Jaco Pretorius



Die einde van twee dae se trap Foto: Jaco Pretorius.

KONSENSUSSE TYDENS KAMP

Verskeie aspekte van die studentelewe is tydens hierdie kamp bespreek. Karnaval en ontspanning het natuurlik ook 'n beurt gekry.

Wie sou nou nie saamstem dat ontspanning noodsaaklik is nie? 'n Gesonde besigwees met iets anders as akademie het niemand nog ooit kwaad aangedoen nie - veral nie 'n student nie.

Geen wonder dat die konsensusse i.v.m. ontspanning eers 'n draai by die akademie gemaak het nie.

AKADEMIESE AANDE EN NAWEKE

Die kampelede het hulle sterk uitgespreek teen die instelling van sodanige stappe, veral teen die toets wat op Saterdag geskryf moet word. Die saak moet beslis met die Senaat opgeneem word.

KUNSTENAARS

Die gevoel was dat ons meer van plaaslike kunstenaars gebruik moet maak sodat ons as studente die vermaaklikhede van ons eie mense kan geniet. Tog moet alle kunstenaars deur kontraksluiting in hulle optredes beperk word sodat hulle optredes ons nie in verleentheid bring nie.

In die verlede het baie sanggroepe op ons kampus 'opgetree. Die algemene oortuiging is dat ons meer toneelgroepe moet betrek. Verder moet die vertonings beter georganiseer word na gelang van akademiese drukte.

VERSKEIE ONTSPANNINGSAKSIES

By die aanbied van die onderskeie aksies moet groter verantwoordelikheid op die HK-lede geplaas word sodat hulle meer inisiatief kan neem om die massa te aktiveer tot positiewe deelname. Tydens ontspanningsaksies moet manskoshuise daarop bedag wees om dameskoshuise te skiet.

Intertee-aksies kan geslaagd wees indien die koshuisinwoners - ook die seniors - onder leiding van die HK dit interessant aanbied deur oorspronklikheid aan die dag te lê.

Tydens deelname aan die sêr-kompetisie moet 'n beter verhouding nagestreef word om 'n gemeenskaplike Pukgees te skep sonder om die kompetisie-basis weg te neem.

Dirigentsverkiezings moet goed gereklameer word sodat elke Puk daarvan bewus is. Die status van dirigente kan verhoog word deur hulle meer te betrek en verantwoordelik te maak vir ontspanningsaksies.

Die Groot Brag is 'n aksie wat, as dit goed bekend gestel en georganiseer word, interessant aangebied kan word. Dit kan sodoende die gees help opbou vir Intervarsity.

Dit is belangrik dat ons as Pukke die Intervarsities in die regte gees moet hou. Dan eers sal almal dit ten volle geniet. Die moontlikheid van 'n Intervarsity-komitee kan sterk oorweeg word wat verantwoordelik is vir die intervarsity reëlings sodat daar koördinasie is en die studente duidelikheid het wat die toedrag van sake is. 'n Spesiale funksie moet gereël word waartydens die winners in al die sportsoorte d.m.v. 'n beker erkenning aan verleen word.

Die kampuslede was dit eens dat ons die Intervarsity met R.A.U. moet behou. Wat as 'n gemis aangevoel is, is dat nuwe liedjies aangeleer

moet word sodat ons nie elke jaar net dieselfde liedjies bly sing nie.

Die geskiedenis van die Republiek van Tarentaal moet nagegaan word en moet in die Wapad gepubliseer word. Sodoende sal dié aksie, wat eie is aan ons kampus, weer nuwe betekenis kry. Indien die regte persoon as president verkies word, kan dit nie anders as geslaagd wees nie.

Vir menige inwoners is die afsluitingsfunksie die hoogtepunt van die jaar se koshuisaktiwiteite. Dit moet met sorg beplan word maar tog moet ons beywer om die onkoste van onthale te beperk deur soberheid aan die dag te lê.

BRAAIVLEISTERREIN

Hierdie terrein word in die aande gesluit. Daarom kan die studente hierdie terrein nie ten volle gebruik nie. Konsensus is bereik dat die owerheid genader moet word sodat hierdie terrein te alle tye oopgestel word.

BEKENDSTELLING

By al die aksies onder bespreking het dit ter sprake gekom. Deeglike bekendstelling en organisering is absoluut noodsaaklik om enige aksie geslaagd te laat afloop. Die student moet duidelikheid hê wat die reëlins is. Anders veroorsaak dit verwarring en laat die belangstelling kwyn.

Konsensusse oor Karnaval was kortliks:

DOEL VAN KARNAVAL

Die Puk-massa ontspan op georganiseerde wyse. Dit is nie ontspanning waarby ons agteroor gaan sit om vermaak te word nie, maar elke student moet aktief deelneem, want dan kan ons die meeste vreugde daaruit put. Dit is nie die eerstejaars wat onder verpligting iets moet laat gebeur nie. Die regte gesindheid moet gekweek word sodat elkeen gewilliglik sy gewig ingooi tot die sukses van ons kampusfees.

Ons moet nie uit die oog verloor dat karnaval ook gehou word t.w.v. fondsin-sameling. Die geld word aangewend vir liefdadigheid, maar ook om te help voorsien in die behoeftes van die Puk-student. Die skep van 'n trustfonds waarin die een deel van die fondse geplaas kan word, is 'n goeie gedagte.

Word Karnaval reg aangepak, bou dit die kampusgees en stimuleer dit loyaliteit teenoor mekaar en teenoor die Universiteit. Daarom moet die kompetisies nie die beheersende word wat koshuise teen mekaar af speel nie, maar moet ons as Pukke, binne ons onderskeie koshuisgemeenskappe, mekaar se beswil soek.

KARAKTER

Ons staan as Pukke op die beginsels soos gevind in die Skrif. Daarom moet ons Karnaval 'n eie karakter dra met die stempel van die grondslag van ons Alma Mater daarop afgedruk. Ons moet dit ten volle geniet, maar besef dat dit 'n tyd is wat verantwoordelikheid van my eis. Enige optrede wat indruis teen die karakter van ons Universiteit word ten sterkste afgekeur.

PRYSE

Die gedagte is verwelkom dat pryse in die vorm van trofee aangebied word. Dit moet vir 'n koshuis 'n voorreg wees om so 'n trofee te ontvang.

PUNTETOEKENNING

Die toekennings moet pro rata plaasvind d.w.s. die aantal inwoners van 'n koshuis moet ook in berekening gebring word. Dit verhoed dat daar teen kleiner koshuise gediskrimineer word.

Pukke, Karnaval is hier! Kom geniet dit. Wees jonk, wees vrolik, wees werksaam, wees verantwoordelik!

OPLEIDING 'N NOODSAAK

Ons voorvaders het geleer deur ondervinding. Vandag in ons snelbewegende moderne eeu moet ons die geleentheid skep vir intensiewe opleiding.

WAT IS OPLEIDING

Die verandering en verbetering van mense se kennis, vaardigheid en gesindheid. Aan die universiteit veral toegespits op die student se unieke taak.

Kampus opleiding

By verre die belangrikste. Ons moet 'n gesonde kern na binne bou, 'n vaste rots waarop ons oortuigings kan rus. Hier word die volgende opleidingsmoontlikhede daargestel:

SSR/HK-Kamp. Die doel: Om sake rakende die koshuisaangeleenthede te bespreek.

Die oriënteringsprogram volledig te behandel.

Skakeling tussen SSR/HK te verbeter.

Eerstejaarskamp. Doel: Om eerstejaars in te lig oor kampussake.

Sekere lewens en wêreld-beskoulike sake te verlig.

Om hierdie kamp meer doeltreffend te maak word hy versprei oor twee naweke. Intimiteit en ware kontak is nodig vir goeie opleiding.

Tweedejaarskamp. Doel: Om studentepolitiek en dieper liggende kampussake te bespreek, bv. kampusliefde.

Potensiële leiers word hierdie kans gegun om hulleself te bewys.

Kamp vir Universiteitsverlaters. 'n Nuwe en uitdagende opleidingsveld. Doel: Om universiteitsverlaters bedag te maak op die aanpassingsprobleme wat voorlê buite die universiteit.

Die ander opleidingsmoontlikhede is almal gemik op interne opleiding van leiers binne die Rade. Die Rade het hiervoor selkampe, blitsleierskursusse tydens sleetpied en kursusse in vergaderprosedure.

Die breër doel intern is om die Puk-student as leier van die toekoms op te lei. Daarom word gepoog om krities reformatoriese denke en roepingsbewustheid te stimuleer.

Inter-universitêre vlak. Die opleiding hier is breër, ons besin oor lands- en lewenswaagstukke. Bv. SSD-kampe en Studenteraads- en Bestuurskampe.

Die universitêre kamp vir Christelike Studenteverenigings. Doel: 'n Gesamentlike soeke na waarheid in die lig van die Skrif. Die kamp is veelrassig en bied die geleentheid vir die opbou van beter betrekkinge.

Nuwe opleidingsmoontlikhede. Daar word tans beplan om 'n voor-universitêre kamp vir eerstejaars. Ons wil poog om die eerstejaars geestelik paraat te maak vir sy nuwe roepingsveld.

Ons beplan om 'n leierspaneel in te stel vir die SSR en Rade. Die doel hier is om die diepte en leierspotensiaal te bepaal. Die opleidingsbehoefte te peil en daarmee te sorg dat toekomstige leiers nou reeds die noodsaaklike opleiding ontvang.

Ons koördineer dan ook Burgerlike Beskerming en Weerbaarheid op die Puk. Onder Burgerlike Beskerming poog ons deur noue samewerking met die huis-komitee van elke koshuis om die nodige paraatheid te bewerkstellig.

Weerbaarheid koördineer ons in samewerking met Aster. Ons bied hierdie jaar kursusse in Brandbestryding, Noodhulp, Pistoolskiet en Wapenhantering asook Selfverdediging aan. 'n Weerbaarheidskamp word gereël waar Geestelike Weerbaarheid, Kaart- en Kompaslees gedoen sal word.

LAUSANNE!

'n Volledige oorsese toer, solank as wat jy wil, of 'n uitgewerkte twee weeklikse ski-vakansie in Switzerland, plus twee weke deur Europa word deur die Dolna van Lausanna aan u gebied.

Vir die tydperk in Switzerland word die volgende dienste ingesluit:

1. Vervoer vanaf of na Geneva/Leysin per koets.
2. 'n Volledige ski-uitrusting, sweespore, ens.

Vir verdere inligting kontak Ilse Kuun of raadpleeg die lêer vir oorsese reise by die SSR-kantoor.

THE STUDENTS TRAVEL SERVICE

The Students Travel Ser-

vice bied fantastiese dienste aan die student. Dit behels o.a. goedkoop lugtariewe na Europa, die VSA en baie ander lande. Dit behels verder afslag op toere, huisvesting, etes, inkope en vervoer.

Hierdie organisasie is die enigste in Suidelike-Afrika wat geaffilieer is by die FIYTO (Federation of International Youth Travel Organisations) en die ISTC (International Students

Travel Conference). Hulle is die enigste agente in Suidelike-Afrika vir die ISIC (International Students Identity Card) en die YIEE kaart wat deur bg. verenigings respektiewelik aan voltydse studente en jongmense onder die ouderdom van 23 jaar uitgereik word.

Vir verdere inligting kontak Ilse Kuun of raadpleeg die lêer vir oorsese reise by die SSR-kantoor.

MUNATI PLEGTIG GEOPEN

Mnr. Theuns Eloff, voorsitter van die SSR, word benoem as ere-president van MUNATI en aanvaar die eer ten aanskoue van 'n skare van dames.

Donderdagmiddag 24 Februarie 1977 sal steeds die groot datum in die dagboek van Oosterhof bly. Op hierdie heuglike dag is die snoepie of MUNATI dan, plegtig deur mnr. Theuns Eloff geopen. Hy is ook benoem as ere-president en het belofte dat die belange van Munati van nou af ook sy belange sou wees. Hy het hulp aangebied met enige probleme i.v.m. die verkryging van enige voorraad.

Hierna het mnr. George Lotter, 'n ere-,buitewoner" van Oosterhof ook hulde gebring aan die snoepie. Hy het daarop gewys dat Jan van Riebeeck 'n verversingspos in die Kaap kom stig het, en dat Oosterhof dus baie trots kan wees daarop om nou – sowat driehonderd jaar later – ook 'n verversingspos hier te stig. Hy het die dames daaraan herinner dat hulle mooi maer moet bly, graad-

maer moet hulle egter ook nie wees nie en hy doen dus 'n beroep op hulle om die snoepie maar te ondersteun.

Mnr. Eloff se presidentsketting is toe oorhandig met 'n tjomp as embleem. Werklik 'n ketting om op trots te wees!

Dawn Durant het 'n groot prys gekry omdat sy so

oorspronklik was om 'n gepaste naam vir die snoepie uit te dink. Vir die wat nie weet nie, Munati beteken lekkerrrrr.

Die verrigtinge is afgesluit met 'n skemerkelkie vir die hooggeplaastes.

Vir die Oosternooiens was dit 'n dag om te onthou vir altyd!

WANDA: REDDING INTERNASIONAAL

Wanda se dames het Dinsdag-aand 21 Februarie bewys dat hulle volkome paraat tydens 'n noodtoestand sou wees.

Terwyl rookwolke tydens die skynaanval die koshuis omring het, is die noodsein deur middel van fluitjies gegee. In elke gang het een leidster die verantwoordelijkheid gehad om te sorg dat die dames bymekaar gebring word.

Binne minute is die koshuis ontruim, terwyl „beseerdes" uitgedra is, waar die noodhulpspan hulle onmiddellik begin bystaan het. Ook die brandweerspan het hulle gereedheid getoon. Almal het op 'n veilige af-

stand van die rookwolke vergader.

Intussen is vasgestel of al die inwoners teenwoordig was. 'n Noodspan moes die geboue deursoek vir 'n vermiste persoon, wat deur die rook oorval is.

Ambulanse, wat ontbied is, het „beseerdes" na die hospitaal vervoer, terwyl die ander per bus van die aanvalstoneel verwyder is. By die dam is iets te ete en te drink aan hulle verskaf.

Deurgaans was daar puik samewerking en alles dui daarop dat Wanda selfs nagtelike karnavalmoleste met dapperheid sal oorleef.



Operasie Rasper in aksie by Wanda. Foto Fotokuns.

KARLIEN

Karate- Goyo Ryu

Dis met trots dat Karlien se inwoners vir Magda Holtzhausen gelukwens. Sy het vierde gekom by die S.A.-karatekampioenskappe in die dames bo agtien ope afdeling. Die byeenkoms is Saterdag 5 Maart in die Portugese Saal in Johannesburg gehou. Eerstejaar! Wel gedaan! Ons wens jou sukses toe vir die toekoms.

GEDRUK DEUR
PROMEDIA
PUBLIKASIES

KARLIEN EN WANDA SPEEL RUGBY!

Reeds vroeg in die jaar het Karlien al hulle merk gemaak op die sportveld. Karlien se „rugbyspeelsters" het nie verniet dovondag al teen Caput se manne geoefen nie – hulle wou Wanda wys waar Dawid die wortels gewrae het!

Die tweede Maart het uiteindelik aangebreek. Die twee sjampanjenooiens van Karlien en Wanda het die heildronk ingestel en onder groot gejuig het die twee damesspanne in hulle rugbymonderings die veld opgedraf. Die twee skeidsregters het gesorg dat die dames hulle streng by die reëls hou. Karlien se ondersteuners – Caput, Over-de-Voor, Liberalia en Makoulei het in groot getalle saam met die Karlientoeskouers die Karlien-span aangemoedig.

Die eerste helfte het baie opwindend begin toe Wanda reeds binne die eerste drie minute 'n drie aangeteken het wat hulle nie in 'n doel kon omskep nie.

Die opwindend was groot toe Karlien met 'n puik spanpoging net voor die tweede helfte ook 'n drie aangeteken het. Met rustyd het die rugbyspeelsters koue sjampanje gekry sodat hulle 'n bietjie kon afkoel. Karlien se dames het dit skelm uitgespeel omdat hulle nie met „hoenderkoppe" wou speel nie!

Albei spanne se kante was sterk en Boksie (George), Ansie, Liz, Lucie en Elna het beslis hulle slag gewys. Die dames het van goeie taktiek gebruik gemaak en die lynstane en skrumme kon met enige Springbokspan s'n vergelyk word.

Die rugbywedstryd het getoon dat daar 'n groot toekoms is vir damesrugby – enige koshuis wat Karlien wil uitdaag? Al het die wedstryd gelyk geëindig, was dit 'n voorspel tot nog baie

kragmetings. Die dames het hard en lekker gespeel en die gees was groot, veral van Karlien se kant af.

Karliën sê baie dankie, Wanda – ons maak een van die dae weer so. Dankie ook aan al die vlagmanne, die „ballboy", die skeidsregters, die afrigters en die noodhulpmanne. En drie hoera's vir Karlien se puik rugbyspan!

WANDA:

– 'N BAK INTER

Ditsem van Wanda het Hombré, Gang 2, op Sondag-aand 27 Februarie onthaal.

Die voorbereidings het met 'n krisis hier en 'n krisis daar gepaard gegaan, maar toe die Hombré-manne opdaag, was daar lekkernye te kus en te keur: bale met lekkerwordgoed, malvallekkers oor 'n kers gebräai en in sjokoladesous gedoopt, southappies met doopsouse en ma se naweekgebak.

Dié keer het die gesels ook nie opgedroog nie. Die gewone „Wat is jou naam? Wat swot jy? Waarvandaan kom jy?" het in die slag gebly. Malvasosatie-eetwedstryde en mariebeskuijfluite het die sitkamer se mure laat tril. Die speletjies buite het Kasteel laat wonder.

Die Hombriane het die Wandadames met mooi ruikers ná 'n mooi aand gelaat.

HEIMAT: WEEK VAN VERSKRICKING

HEIMATNUUS – Vrydag, 11 Februarie, sal deur twaalf eerstejaars onthou word as die dag waarop die week van verskrikking begin het. Die „ooms" het begin om hulle plig uit te voer deur die „jare" te skool in die tradisies van die Hertogdom van Heimat. Die tradisie is immers 51 jaar oud en jy leer nie net een aad daarna nie.

Die „starjumps" en „pushups" is onderbreek deur 'n waatlemoenfees met Kulu saam met wie ons van-

jaar (weereens) die wenvlot gaan bou. Skugterheid het oorgegaan in spontaneiteit toe waatlemoen se funksie

van eet na smeer verander het. Taaiheid en pitte is onder die kraan afgewas, en om die goeie gees te behou, sing ons 'n paar lekker liedjies saam.

Weer het ons gesien hoe 'n mooi meisie 'n man kan aanspoor tot lang ure op koue sement voor die S.S.R.-kantoor. Die ontbering skyn vrugbaar te wees want die tweedejaars het almal die onthefingsdinee met hulle eerstekeuses bygewoon.

Die tradisionele „stortsport" het vanjaar weer plaasgevind. 'n Gewaagde skaakpoging deur die eerstejaars van Heimat het die eerstejaars van Vergeet-My-Nie in groot getalle laat opruk om hulle primaria te kom opeis.

Die dapper stormloop is begroet met emmers vol water vanaf die balkon. Daar was geen onderskeid tussen vriend en vyand nie en weldra was almal druipnat. Galonne water later is die dames weg en Heimat ontvang 'n blitsbesoek van die huispa. Die gees is egter nie gedemp nie en die manne is vir 'n koffie na die dames toe.

Nadat die primaria ons herhaalde kere 'n goeie nagrus toegewens het, is die manne terug Heimat toe. Wreed is ons ontnugter toe ons ons kamers by die intrapslag in 'n chaotiese toestand vind. Ons dank egter aan Vergeet-My-Nie vir die

lekker koffie en die sportiewe gees.

Heimat sien uit na 'n suksesvolle sosiale jaar!

SOETDORINGS

HK-LEDE EN EERSTEJAARS VERWELKOM

Alle seniors, HK-lede en eerstejaars van Soetdorings word verwelkom en ons weet dat hierdie jaar 'n wonderlike jaar vir ons almal gaan wees.

Met trots kondig ons aan dat Anastasia en Antoinette Thalia Keuring geslaag het en Annelie P.U.-koor. Ons wens ook aan hulle sterkte toe en mag hulle dit geniet! Uitspan, ons gaan die vlotbouery wens en ons sien uit na die fees saam met julle.

Die eerstejaars het soos die spreekwoordelike „pad-da in 'n pruis" verander – ons kry ons voordeurdrumpel baie, baie jammer. Julle sal maar vir ons 'n nuwe mat moet koop.

Laastens en glad nie die minste nie, wens ons die laastejaar-studente sterkte toe met die akademie en ons hoop dis rërig die laaste jaar van swot, swoeg en swaarkry!

HEIDE:

INTER WYN EN SLAP „CHIPS"

HEIDE: – Inter wyn en slap „chips. Praat nou van oorspronklikheid! Woensdag-aand was weer 'n groot aand toe Hombré se manne Heide in hulle massas binnegestroom het vir 'n interwyn en slap „chips".

Kerslig flikker romanties terwyl die manne plek soek om hulself neer te sit. Die „ouer geslag" val sommer dadelik weg en gesels, terwyl die eerstejaars nog eers voelvoel aan hulle woorde. Maar spoedig is al die skaamheid weg. Bruinpapier word afgeskeur en die bekere word volgemaak. Die bekende

reuk van slap „chips" hang swaar in die sitkamer.

Skielik het die aand te gou verbygegaan en moes die manne weer loop. Almal het gevoel dat dit 'n storieboek aand was. Dit was ook 'n uitstekende wegspring vir Karnaval en as dit die voorsmakie was, voorspel vlotbou en Karnaval groot dinge vir Heide en Hombré.

WAG-'N-BIETJIE SPORTSBOKKE VAN DIE PUK

Wag-'n-Bietjie het die ander koshuise soos die spreekwoordelike klip laat sink.

Die dames het flink ge-
reageer op die lagwekkende
plakkate en hulle gees was
groot. Die aankondiger was
behoorlik van hulle teen-
woordigheid bewus gemaak,
en die ander koshuise het
goed afgesteek.

Wag 'n Bietjie eindig, Pote
nou uitgesluit, derde. Baie
dankie aan die dames wat die
koue water gaan trotseer het,
en baie geluk aan die dames
wat plekke verower het.

Met die Alabama keuring
het ons dames weereens
deurbraak gemaak. Ilona
Pieterse, Eslie le Roux en
Ria Redelinghuys het finale
keuring gekry, en ons wag in
spanning om te hoor of hulle
vanjaar vir Alabama gaan
sing.

Middernagfeeste in Wag 'n
Bietjie neem deesdae
eienaardige vorme aan. Daar
word afgewyk van die
gewone soutighede en koffie
en die koshuis, sitkamertjies
word vervang met die Fanie
du Toit Sportterrein.

Verlede Woensdagaand,
het S-grond hulle eerstejaars
se „middie” in die vorm van
'n braai en braai gehou.

Na die heerlike hoender-
braai, het hulle die

Moorivier in hulle sweet-
pakke getrotseer. Ons wag in
spanning vir die longont-
steking gevalle.

'n Amptelike badkomitee
is in Wag 'n Bietjie gestig met
die entoesiastiese
alombekende eerstejaar Ina
Stavast as voorsitter. Sy put
blykbaar groot kinderlike
genot daaruit om 'n inlywing
of poets in die vorm van 'n
koue bad te laat geskied.

Haar beurt kom egter nog.

Wag 'n Bietjie is
vasbeslote om hierdie jaar
saam met die res van die
PUK, 'n groot sukses van
Karnaval te maak.

By die eerste amptelike
koshuisvergadering van die
jaar het die primaria Maan-
dag aand bekend gemaak dat
daar vanjaar saam met Dorp
vlot gebou word. Die dames
van Wag 'n Bietjie is nie
bietjie in hulle skik daarmee
nie.

Sokker word reeds van lig
dag af geoefen, onder leiding
van Heleen Louw. Sy glo
natuurlik daarin dat haar
spelers „fiks” moet wees.

Daar word ook reeds elke
aand vir die sêrkompetisie
geoefen. Ons beoog om saam
met Klooster manskoshuis
die wisseltrofee hierdie jaar
oor te neem.

Dis ook nie somer
„hierjy” liedjies wat gesing
word nie. Een van ons in-
woners het self een gekom-
poneer en dit klink
belowend.

Wag 'n Bietjie se
huiskomitee is nou weer
voltallig. Ons sê hartlik geluk
aan Annedine Coetzee wat
amptelik verkies en ingelyf is
as die nuwe huiskomiteelid.

Ons wens haar sterkte toe
want die res van die HK is 'n
„bedrywige en ywerige
spulletjie”.

UITSPAN PYPREGIMENT MAAK NAAM

PYPREGIMENT! Staaaaan styf! Vir die eerste keer in 'n laaaaaang tyd (dink net, 'n jaar gelede) het die onderlinge bevel van ons eie tuisland se Presidentswag oor die kampus weerklink. Vanjaar egter, is hierdie weemoedige, weerlose, weeluisagtige weermanne afkomstig van die Legioen van die Rooi Beer. En wie van ons op die kampus het nog nie van die Rooi Beer gehoor nie!!

En toe kom die hoogtepunt vir hierdie manne van ons Legioen. In gietende reën het die hele Legioen toe Saterdag die 19e hul geëerde President Hoofminister Henard van Schalkwyk, geleide gedoen gedurende sy belangrike sending. Die geëerde president van ons eie tuisland Tarentaal kon nie 'n beter lyfwag aanstel as juis die Pypregiment nie! Hierdie manne, gebrei in ons eie skool waar die Rooi Beer steeds die gesag handhaaf,

was op hul beste! Selfs die eerste Minister van Suid-Afrika kon nie help om sy bewondering uit te spreek nie!

En wat wil ons hier in ons koninkryk van die Rooi Beer hê! Niks anders as standvastigheid, broederskap en lojaliteit nie!

VERGEET-MY-NIE

Atletiek

Met 'n handjievol atlete en groot gees (opgebou in een week) het Vergeet-my-Nie getoon dat daar met hulle rekening gehou sal moet word. Die Sangbeker pryk alreeds in hul voorportaal en wat van die twee dirigente?

Swem

Gedurende die afgelope swemgala is dit bewys dat 'n vlugvoetige op land nie noodwendig 'n vis in die water is nie. Deurgaans het Vergeet-my-Nie dit bewys deur 405 punte aan te teken in twee spoggerige swemsters nl. Hanlie van Wyk en Mariska Spoor-maker in hul gelede te hê, om nie eens te praat van die pajama-resies, nie - Vergeet-my-Nie het dit mos gewen. Eksterne sport is met koorsagtigheid aangepak. Vra vir Liberalia. Die netbal- en hokkietelling was albei gelykop - ons deel mos alles!

besoekers in Vergeet-my-nie welkom heet, is vriendelik en warm. Die dames onthaal graag en doen dan ook besondere moeite vir die inter-aksie. Dit is een van die grondbeginsels van ons beleid om uithaler gasvroue te wees. Enige koshuis (selfs dameskoshuise) kan ons beproef, maar die resultaat sal in ieder geval dieselfde wees: Vergeet-my-nie bo!!

„Ons kom van Huis Vergeet-my-nie

Wat ons doen, dit weet jul nie ...

Maar ons is hier om jul te sê, Ons wil vriende he!”

SONJA BARNARD

KLAWERHOF

Ja nee, die Klawers het die water by die swemgala laat spat. Groot vreugde het Maandagaand in die koshuis geheers nadat die swemmers by die res aangesluit het. Hulle was laat vir die koshuisvergadering ... maar niemand het dit teen hulle gehou nie. Luidkeels is hulle toegejuig en die harte het somer warm geklop.

Ander interressantehede het natuurlik ook nie uitgebly nie. Heimat het moleste kom maak, en Dinsdagaand is die sakie toe met kussings besleg. Ook Liberalia is aangeval maar o wee wat 'n nat gemors! Helmien se bril is nog steeds soek ...

WIE IS ONS?

Vergeet, vergeet, Vergeet-my-nie! Hierdie ritmiese refrein bind die eerstejaars en seniors tot 'n hegte eenheid saam as gevolg van een oorheersende faktor, Vergeet-my-nie!

Met alle vrymoedigheid kan Vergeet-my-nie sê dat hul die naam van die fyn blommetjie met waardigheid dra. Almal op die PUK weet wie ons is. Tydens die Eerstejaars atletiek byeenkoms het die blommetjie ten volle ontluk - ons is die koshuis met gees!

Die gees wat Vergeet-my-nie na buite uitdra, word van binne gekweek. Hoeveel sweet en tranen in daar gees gestort is, weet net Vergeet-my-nie! Maar as ons dubbeld soveel moes sweet en huil, doen ons dit met dubbele ywer, want waar gees is, lewe studente eers lekker ...

Die atmosfeer wat

BRIEWE

Geagte redakteur,

Vergeet-My-Nie staan vanjaar nie 'n duim terug vir enige ander koshuis nie! In al die wedstryde en kompetisies wat vanjaar al gehou is, het ons ten minste onder die eerste vyf geëindig.

Sommer vroeg al het ons ons kleur begin wys, toe ons op 'n koue, reënerige dag vir almal op die S.S.R.- en H.K.-kamp plaatkoekies gebak het. Kort daarna het koffie en koekies in die bed gevolg. Almal het gekry - mans, sowel as dames.

En toe - die doorelied, Vergeet-My-Nie het die halfeindronde gehaal. Veels geluk, Wanda, julle doorelied is baie oulik en julle verdien om te wen! So ook die eerstejaars-atletiek, Vergeet-My-Nie was nou wel vyfde, maar die sangbeker pryk in ons voorportaal! Ons doore was onoortreflik.

Op sosiale gebied het Vergeet-My-Nie vanjaar reeds heelwat verrig. Verskeie interaksies is met manskoshuise gehou. Wag-'n-Bietjie het 'n lewendige skilpaadjie as geskenk ontvang.

Verlede week het Vergeet-My-Nie by die Pampoensboere gaan dans. Na verneem word het baie dames die volgende dag met seer voetsole rondgelopen. Die Pampoensboere het reeds vroeg die volgende oggend 'n rukker vir hulle geneem, om dankie te sê.

Liberalia het aan Vergeet-My-Nie 'n krulwa geskenk om as versiering voor hul voordeur te dien en dit lyk asof daar romanse in die lug is!

En een oggend staan die Voor op en weg is sy trapkar. Wat nou gemaak? Die telefoon lui 'n Anonime oproep. Massas blomme word as losprys geëls. Over-de-Voor leer 'n les - Bêre jou trapkar waar Vergeet-My-Nie hom nie in die hande kan kry nie!

Over de Voor, julle „operasie piering” sal ons seker nooit vergeet nie! Dit was nictemin goeie oefening vir „operasie rasper”.

En toe kom die swemkompetisie en Vergeet-My-Nie kom tweede. As die pyjama-resies getel het, het ons loshande gewen, want Klawerhof wen ons slegs met veertien punte. Dit ten spyt weet ons dat die beker ons toekom en ons kan maar net hoop dat geregtigheid sal geskied.

Nietemin wens ons al die koshuise sterkte toe vir karnaval en die res van die jaar. Mag die beste koshuise karnaval wen!

Kasparus-groete
Huiskomitee, Vergeet-My-Nie

Geagte Redakteur,

En vanjaar is dit Vergeet-my-Nie en Makoulei wat saam karnaval hou! Vergeet-My-Nie wil net sê: „ONS LIEF MAKOULEI!” Om saam met julle te bou, is 'n fees.

Behalwe vir die lekker slotbou, was die koffie die aand toe ons gaan sêr het en die vlugbal, sokker en waatlemoenfees fantasties! Makoulei, ons LIEF julle!


Vergeet-My-Nie



BARCLAYS KONDIG AAN 'N SPESIALE PLAN VIR STUDENTE

- **STUDIE LENINGS** teen minder as halfprys. Ons leen jou geld om jou studies te voltooi en jy begin eers terug betaal ná jy graad gevang het.
- **'N TJEKBOEK** maak dinge makliker. Ons sal jou een gee teen verminderde bankkoste.
- **'N SPAARREKENING** om jou sakgeld veilig te bewaar en waaruit jy daagliks mag onttrek en deponeer.
- **VERSEKERING**
- **PROFESSIONELE ADVIES**
- Kom sien ons by ons studente agentskap op die Bult en ons sal u graag te woord staan.

DANIE MALAN GEDURENDE
PUK-POTE ATLETIEKBYEENKOMS



● Atletiek

Pukke Presteer

Met die tweede fase van die nuwe seisoen so pas begin, is die Puk atlete besig om goeie vertonings te lewer. Met die oog op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe wat binnekort plaasvind, is die atlete besig om hulle af te skerp.

Die Puk het hulle staal getoon met die uitdaging byeenkoms teen Pote. Die Pote het die Puk gewaarsku met sy geheime wapen. Die Pukke het gewonder wat dit was. Miskien was die Operasie Rasper wat tydens die 3 000M plaasgevind het. Rasper of te nie, die Pukspan het oortuigend gewen.

Die Pukke het ook aan die

Kovsies se Jool byeenkoms deelgeneem. Hier moet ons die naam van Alta Stander uitsonder. Haar vertoning oor die 800m vir dames was iets besonder. Alta het die hele seisoen gesukkel met tye van 2 min 13 sek en stadiger. Intussen was sy net besig met agtergrond werk. Haar afrigter, Hennie Botha het met sy troefkaart vorendag gekom. Die week het Alta afgeskerp. Alta hardloop toe 'n tyd van 2 min 6,7 sek (haar vinnigste ooit). Net om te wys dat dit geen gelukskoot was nie hardloop sy 'n tyd van 2 min 6,1 sek in P.E. tydens die trekliga.

Kees Doorewaardt het ook getoon dat groot dinge van hom kan verwag word die seisoen. Sy spoed is soos dit nog nooit was nie, en sy stamina het so goed soos altyd. Kees het almal verbaas toe hy in die ongewone item vir hom, die 800m, vasgebyt by name soos Heibreg en Gerrie Jacobs. Tydens die trekliga in P.E. het hy stoksiel alleen die 3000m hindernis in 8 min 58 sek afgelê.

Piet Meier het nog 'n S.A. rekord verbeter toe hy in Johannesburg die 20 Km in 1 uur 28 min afgelê het. Dit verbeter sy rekord met bykans 3 min. Hentie Badenhorst het ook 'n goeie tyd van 1 uur 32 min behaal.

Saterdag die 5e Maart het die Puk opgeruk na die Noord-Transvaalse kampioenskappe. Hier het hulle besonder goed presteer en heelwat van hulle het gekwalifiseer vir die S.A. Opebyeenkoms. Ons hoop net Piet Goosen kom reg, want hy het vasgesteek op 53

meter. Miskien het hy ook 'n troefkaart.

Die volgende plekke is deur Pukke behaal op die Noord-Transvaalse Kampioenskappe verlede Saterdag (5 Maart 1977).

1. Wilna Fondse: 3e in Gewigstoot dames: Afstand 12,76 M.
2. Nanda Barnard: 3e in Hoogspring dames 0/20: Hoogte 1,66 M.
3. Piet Goosen: 1e in Skyfwerp mans: Afstand 53,90 M.
4. Estie Robbertse: 2e in Spiesgooi dames: Afstand 42,46 M.
5. Piet Meyer: 1e in 5000M stap mans: Tyd 21 min 36,6 sek.
6. Carl Meyer: 2e in 5000M stap mans: Tyd 21 min 49,9 sek.
7. Magda Dippenaar: 3e in 400M dames: Tyd 57,3 sek.
8. Jandré van Alleeuw: 2e in 1500M mans: Tyd 3 min 59,2 sek.
9. Jan Marais: 3e in 1500M mans: Tyd 4 min 0,8 sek.
10. S. de Villiers: 3e in skyfwerp dames 0/20: Afstand.
11. Lynette Tait: 2e in 400 M hekkies dames: Afstand 63,4 sek.
12. Kees Doorewaardt: 1e in 3000 M hindernis mans: Tyd 9 min 00,6 sek.
13. Gerrie van Rooyen: 3e in 100 M mans: Tyd 11,0 sek.
14. Alta Stander: 1e in 800 M dames 0/20: Tyd 2 min 7,6 sek.
15. Nollie Meintjies: 2e in 800 M mans 0/20: Tyd 1 min 54,1 sek.
16. Boebe Pienaar: 1e 800 M mans 0/20: Tyd 1 min 53,4 sek.

● Koshuiskrieket

CAPUT EN OVERS DIE VOORLOPERS

Die huidige voorlopers in die koshuiskrieketliga, Overs en Caput, spook Saterdag sake uit of die Fanie du Toit. Albei is voor met 19 punte maar Overs het een wedstryd minder as Caput gespeel.

Caput sal hierdie wedstryd moet wen as hy die liga wil inpalm. Overs het volpunte teen Dawie du Plessis gekry nadat dié nie 'n span kon

saamstel nie. Caput het die meeste wedstryde gewen maar ongelukkig nie 'n oorwinning op die dubbelbeurt behaal nie.

Hombré vertoon baie onbestendig hierdie seisoen, hy is die enigste span wat Caput die loef kon afsteek en was in 'n gunstige posisie teen Overs om te wen, maar het teen die ander spanne baie swak vertoon.

Dorp is op die oomblik die buiteperd met die beste kans. Hulle is twee punte agter Overs en Caput en het ook nog 'n wedstryd meer as Caput om te speel. Klooster het hulle eie kans benadeel deur nie die uitslag in te stuur nadat hulle 'n eerste beurt oorwinning teen Dawie du Plessis behaal het nie. Dit sou hulle posisie met 'n verdere aantal punte

verstewig het (minstens ses).

Drakenstein en in 'n mindere mate Dawie du Plessis is die spanne wat tot dusver hierdie seisoen sukkel. Hulle is onder aan die punteleer met 5 en 6 na vier wedstryde onderskeidelik.

Met al die wedstryde verlede Saterdag (5 Maart 1977) wat uitgereën het, het al die spanne drie punte verdien behalwe Dawie du Plessis wat 'n loslootjie gehad het. As die wedstryde wel sou plaasvind, kan die situasie heelwat interessanter gewees het. Die huidige punteleer is as volg onder hoofde:

1. Span
2. Wedstryde gespeel
3. Wen op 1e beurt
4. Wen op 2e beurt
5. Onbeslis

6. Verloor op eerste beurt
7. Verloor op dubbelbeurt
8. Geen uitslag ingestuur
9. Totale punte

Die puntestand is soos volg:

	1	2	3	4	5	6	7	8	9
Ca put	5	3	-	1	1	-	-	19	
Klooster	4	1	-	1	1	1	-	9	
Overs	4	1	1	2	-	-	-	19	
Drakenstein	4	-	-	1	2	-	-	5	
Dorp	4	1	1	1	1	-	-	17	
Hombré	5	1	-	2	2	-	-	13	
Dawie Dup	4	1	-	-	1	1	-	6	

SOKKER

Met die nuutgestigte sokkerklub op die P.U. gaan dit onder omstandighede goed. Nadat die klub finansiële gesukkel het a.g.v. die P.U. se beleid t.o.v. nuwe klubs, is ons nou ook hier selfvoorsienend noudat ons 'n borg gekry het nl. Studente Sport.

Die twee spanne het alreeds een wedstryd elk in die Dewar Skild gespeel. Na 'n wankelrige begin het die 2e span reggeruk teen Brothers College van Klerksdorp en al was die telling 7 - 3 teen hulle, het hulle hul nogtans uitstekend van hul taak gekwyd - slegs hul onervarenheid het teen hulle getel. Wat gees, fiksheid en deurstellingsvermoë aan betref was hulle onoortreflik en moet hulle geluggewens word met hulle vertoning.

Die 1e span het Saterdag 5 Maart teen Stilfontein gespeel. Die wedstryd wat in reën beslis was, is met 8-1 deur die P.U. gewen. Die wedstryd is gekenmerk deur uitstekende verdediging en blitssnelle aanvalle - iets waarvan die telling dan ook getuig. Doele is aangeteken deur Johan Pretorius en Pieter Fourie (3 elk) en Wimpe vd Bosch 1, terwyl Stilfontein 1 doel vir ons en 1 vir hulself aangeteken het.

Daar word elke Maandag en Woensdag om 4.30 by Piet Bosmanpark geoefen en Dinsdae en Donderdae op die Fanie du Toit om 4.45. Uit die aard van die saak is alle manne wat lus voel welkom om te kom speel of hulle nou kan speel of dink hulle kan nie.

Die W.-Tvl. liga begin op 2 April en dan speel die P.U. sy 1e wegwedstryd teen Blyvooruitsig.

SPORTPERSOONLIKHEID VAN DIE WEEK:

PIET MEYER

Piet Meyer is al 'n bekende figuur op die Puk. Daar word baie gepraat van hoe goed Piet stap, maar hoeveel Pukke weet regtig iets van sy tye af?

Piet Meyer hou feitlik al die Suid-Afrikaanse staprekords met die uitsondering van die 50 km. Piet stel nie belang om 'n week aanmekeer te stap nie.

Die volgende gee 'n uiteensetting van rekords en wat dit was voordat hy dit verbeter het.

3000M stap: 12 min 7,5 sek. Rekord was 12 min 35 sek.
5000M stap: 20 min 56,2 sek. Rekord was 22 min 6 sek.
10 000M stap: 43 min 56 sek. Rekord was 44 min 7 sek.
20 Km: 1 uur 28 min 18 sek padwedloop. Rekord was 1 uur 32 min 31 sek. Op die baan is sy rekord 1 uur 32 min 32 sek terwyl die rekord 1 uur 40 min was.

'n Stapper bereik sy toppunt in sy vroeë dertiger jare. Piet is nou eers 23 en het dus nog 'n lang tyd voor hy sy toppunt sal bereik. Sy afrigter, Hennie Botha, beteken vir Piet baie, sy opofferings en hulp is vir Piet van groot waarde.

Piet sal volgende jaar

oorsee stap onder die leiding van H. Kraemer wat al die bestes in die wêreld afgerig het. Namens al die Pukke, sterkte. - Piet!



PIET MEYER

TENNIS

1. Fanie Campher, die PUK se nr. 1 tennisspeler, het 'n groot eer te beurt geval deurdat hy uitgenooi is om aan die internasionale Peugeot-Ope Kampioenskap deel te neem. Hy is een van ongeveer 36 spelers wat genooi is. Van die spelers is slegs vier nie uit S.Tvl. of N.Tvl. nie. Fanie is die enigste speler uit W.Tvl. wat genooi is. Bg. spelers sal aan die kwalifiserende rondes deelneem. Dit is soveel te meer prysenswaardig aangesien hier in W.Tvl. nie veel kompetisie is vir belowende spelers nie.

2. Verder bestaan die grootste deel van die W.Tvl. mans-tennispan uit PUKKE. Die spelers is gekies om W.Tvl. op Saterdag 5 Maart teen 'n S.A. Weermag span te verteenwoordig. Die W.Tvl. span bestaan uit ses mans waarvan die volgende Pukke is: Pieter Campher, Derek en Clive Botha en Bennie Hattingh.

3. Die Puk Tenniskampioenskappe begin op Saterdag 5 Maart by die Puk-bane. Die spelers sien uit na die ondersteuning van alle Pukke.

SPORTKORRELS

DEUR HANS SAESTAD

SWEMCHAOS

WIE kan uitsluitel gee oor die saak? Almal se antwoord is „geen kommentaar” van die swembestuur tot by Klawerhof se H.K. wat nie uitsluitel oor

die saak kan of wil gee nie.

Daar word beweer dat Klawerhof 'n swemster gebruik het wat nie 'n bona fide inwoner van Klawerhof is nie. As dié besondere dame se punte afgetrek word, moet die beker aan Vergeet-my-nie toegeken word.

Iemand het die swemster ingeskryf en toegelaat om te swem, maar DIE WAPAD kan by die organiseerders op die gebied geen hulp ontvang nie. Dit wil voorkom asof die swembestuur en Klawerhof nie graag duidelikheid oor die saak wil gee nie.

Ons is dankbaar aan die swembestuur wat die swemgala georganiseer het, en wat deur almal geniet is. Dit is jammer dat met nabetraging foute aan die lig gekom het dat alles nie pluis is nie. Verder wonder mens of daar nie dalk te veel en onnodig gekla word nie. Is dit in die gees van sport? Wel definitief nie te bevordering van enige sport nie.

PUK KRIEKET

Die Pukke se eerstespan staan stewig in die Scorgie liga, maar dit lyk asof lig die liga vir die eerstekeer in baie jare gaan afstaan. Met nog drie wedstryde om te speel is die Puk 19 punte agter die voorloper Strathvaal wat nog een wedstryd oor het.

Die Ibbies het hierdie seisoen ietwat teleurgestel en nie krieket van dieselfde gehalte gespeel soos in die verlede nie. Hulle is laag op die punteleer en het nog net twee wedstryde oor om hulle posisie te verstewig.

Geluk aan die drie Pukspelers wat die Wes-Transvaal span gehaal het wat onlangs teen Griekwas op die Puk velde gespeel is. Hulle is Jos Coetzee, Clive Ulyate en Manie van Jaarsveld.

Die punte posise in die Wes-Transvaalse Scorgie liga is as volg onder die hoofde 1. Span; 2. Wedstryde gespeel; 3. Punte.

	1.	2.	3.
Strathvaal	8	49	
Puk 1A	6	30	
Stilfontein	7	23	
Vaal Reefs	8	21	
Potch Dorp	8	15	
Weermag	7	18	
Klerksdorp United	6	10	
Klerksdorp	8	15	
Ibbies	7	9	
Koster	8	9	